Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 43 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) |
| AFDELING B: Drama | (35) |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Kom ons stuur vir Tasu" | 18 | 34 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Geluk in ongeluk" | 17 | 36 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Ken jy die see ..." | 18 | 39 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Sproeireën" | 17 | 42 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

"Moenie so stoets wees nie, Arend! Dis julle hele ondergang, man!"

"Julle? Jy praat van 'julle'. Wie is jy dan miskien? Van wanneer af sit 'n voël in twee bome gelyk? En vir wat werk jy vir MacDonald?"

"Vir wie werk julle miskien?" Hy moes Patterson weer 'n slag platdruk.

"Hy mog ons hout koop, maar ons is nie aan hom verkoop nie!"

"Dis wat jy dink, Arend."

"Ek weet wat ek dink, ek dink nog altyd jy's 'n verraaier."

"Julle het my soos 'n wegwei-os gebrandmerk!" het die bitterheid skielik in Saul opgekook. "Sit ek my voete in die Bos, word ek uitgeskel vir 'n verraaier, wat ek nie is nie. Sit ek my voete op MacDonald se werf, word ek uitgeskel vir onnosel omdat ek uit die Bos kom! Nou vra ek jou: Wie is ek?"

"Jy moes dinge met jou pa reggemaak het!"

"Dit sou nie reg gebly het nie."

"Jou pa se span is kort van hande ... Jozef se vrou het laasweek 'n seun," voeg hy afgetrokke by.

"Ek het nie geweet nie, ek is bly vir sy part."

"Hulle gaat hom Joram laat backsize."

"Pa sal in sy skik wees ... Ek wonder maar net waar hy eendag gaan byl swaai?" Hy het opsetlik skoor gesoek. "Soos julle aan die uitkap is, sal daar nie veel oor wees vir die volgende geslag nie."

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Saul het al amper (1.1.1) ... jaar by MacDonald gewerk toe almal oor die goud in die Bos begin praat het. (1.1.2) ... het vir Saul van die stories vertel. MacDonald wou hê Saul moes Patterson Bos toe vat. In die Bos het Patterson begin siek voel as gevolg van die (1.1.3) ... in die Bos. Nadat Saul hom uit die Bos gehelp het, het hy Patterson se (1.1.4) ... gekry. Dit het Saul se toekoms verander. (4)

1.2 Waarom het die Bosmense Saul as 'n verraaier gesien? (1)

1.3 "Van wanneer af sit 'n voël in twee bome gelyk?" (Reël 2 en 3)

Verduidelik die figuurlike betekenis van Arend se woorde. (1)

1.4 "Julle het my soos 'n wegwei-os gebrandmerk!" (Reël 8)

1.4.1 Watter beeldspraak kry ons in hierdie reël? (1)

1.4.2 Wat beteken dit binne die konteks van Saul se lewe? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.5 "Nou vra ek jou: Wie is ek?" (Reël 11)

1.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Saul se woorde teenoor Arend kan ons aflei dat Saul (desperaat/aggressief) was. (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1. (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.6) neer.

Saul het baie konflik oor sy werk by MacDonald ervaar, want ...

A hy het gevoel hy werk net om sy pa se skuld af te betaal.
B hy kon sy pa help om 'n beter prys vir sy hout te kry.
C hy het getwyfel of hy sulke lang ure sou kon werk.
D sy verhouding met Kate was vol uitdagings. (1)

1.7 Saul en Maska het kontak verloor nadat Saul by MacDonald begin werk het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.8 Arend het vir Saul gehelp om Patterson op 'n dra-slee uit die Bos te dra.

Wat was die gevolg hiervan vir Arend? (1)

1.9 Arend het Saul daaraan herinner dat Joram se span hande kort. (Reël 14)

Wat sou jy anders as Saul gedoen het as jy hierdie woorde van Arend gehoor het? (1)

1.10 Hoe het Arend in hierdie situasie gewys dat hy 'n goeie vriend vir Saul was? (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.11) neer.

Een van die temas in die roman wat die duidelikste in reël 19 en 20 na vore kom, is ...

A uitbuiting van mense.
B swak menseverhoudinge.
C vernietiging van die natuur.
D gevaarlike werksomstandighede. (1)

1.12 Hoe slaag die skrywer daarin om jou in hierdie uittreksel jammer vir die Bosmense/houtkappers te laat voel? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

> "Wat het Arend gesê?"
>
> "Hy't gesê jy is reg. Op die laaste moes ek vir hom 'n bloubokkie vang en die kop oopkap ..." Dan is dit of hartseer nie die woorde wil laat verbykom nie.
>
> En dit voel vir Saul soos genade wat hom tref. "Ek is jammer, oom. Arend was 'n goeie mens. Ons het lank gesels daardie nag."
>
> "Hy't my gesê."
>
> "Laat ons vrede maak, oom Martiens," sê Saul en buk om die kos, wat hy langs die geld neergesit het, op te tel. "Laat ek darem aan die einde kan sê ek het een vriend in die Bos agtergelaat. Ek vat die kos en oom vat die geld."
>
> "Waarheen is jy op pad, Saul?" Dis soos 'n besorgde vader sou vra.
>
> "Ek is self nog nie seker nie, oom. Ek weet net ek moet aanhou loop tot bo in Meulbos. Daar sal ek miskien weet."
>
> "Ek sal klein Martiens met jou saamstuur."
>
> Dis meer as die uitsteek van 'n hand; dis vryskelding, dis vertroue, en Saul moet die deernis wat in hom wil losruk, vinnig keer. Nie nou nie!
>
> "Dis nie nodig nie, oom. Maar dankie. Vandag moet ek alleen loop."
>
> "Jy loop jou lewe lank nog alleen, Saul. Maar jy moet versigtig wees, Oupoot is in die Bos."

1.13 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Saul het Barkley besoek en op die *Pictor* geklim.
- Saul het na Oupoot gaan soek om hom te skiet.
- Saul het in Swellendam gaan meubels maak.
- Saul het vir ses jaar in die Bos gedelf. (4)

1.14 Lees reël 7 tot 9.

1.14.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

1.14.2 Na wie verwys "een vriend" in reël 8? (1)

1.15 Oom Martiens het vir Arend 'n bloubokkie se kop oopgekap.

1.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As die leser aan oom Martiens as houtkapper en Bosmens dink, is hierdie optrede van hom (ironies/humoristies). (1)

1.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.15.1. (1)

1.16 Joram en Martiens het albei met Saul oor Arend gepraat.

Hoe het Martiens en Joram Saul verskillend hanteer? Jy moet in jou antwoord na Martiens en Joram verwys. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.17 Een van die temas in hierdie roman is die skewe sirkel waarin die karakters vasgevang was.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.17.1 | Saul kon nie die publieke biblioteek op Knysna besoek nie. | A | 'n Mens moet besef dat mense dikwels leuens vertel om meer geld te maak. |
| 1.17.2 | Kate het vir Saul Engels geleer praat en lees. | B | 'n Mens moet besef dat vooroordeel sekere groepe mense in sekere situasies uitsluit. |
| 1.17.3 | MacDonald het teen die Bosmense gediskrimineer. | C | 'n Mens moet altyd glo wat jou ouers jou leer. |
| 1.17.4 | Saul was deel van die sosiale kringe in Knysna. | D | 'n Mens moet dankbaar wees as iemand anders jou help om jou opvoeding te verbeter. |
| | | E | 'n Mens moet besef dat ander jou dikwels aanvaar net omdat jy geld het. |

(4 x 1) (4)

1.18 In reël 17 en 18 sê oom Martiens Saul moet versigtig wees, want Oupoot is in die Bos.

Waarom kan ons sê dat Oupoot die simbool van iets positiefs in Saul se lewe was? (1)

1.19 In hierdie roman sluit die titel, inhoud en slot goed bymekaar aan.

1.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die roman as jy net na die titel kyk? (1)

1.19.2 Hoe sluit die "kringe" aan by die dinge wat Saul in hierdie roman gedoen het? (1)

1.19.3 Hoe het hierdie roman positief vir Saul geëindig? (1)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

"Hoekom wil die hele wêreld skielik vir ons kom kuier?" vra ek.

"Vra dit," brom Beyers terwyl hy die bokse op die kombuistafel begin uitpak. "Mens sou sweer dis 'n blerrie hotel."

Dis die eerste keer van ons op die berg aangekom het dat hy in 'n slegte bui is. Ek moet erken dit laat my nogal verlig voel. Ek het begin verveeld raak met al die deuntjies uit *The Sound of Music.*

"Sy't nie 'n keuse nie, Bey. Sy's net vir drie weke in die land. As sy nie hierheen kom nie, gaan sy ons glad nie sien nie."

"Hoeveel onse is in jou pond?"

Beyers plak die kruideniersware so driftig op die tafel neer dat Mana haastig nader waggel om die houer met die eiers te red. Amos en Tibo skraap hulle velle papier net so haastig bymekaar om te keer dat hulle kunswerke bederf word. Selfs Yann is uit sy gewone bedwelming geskok. Hy laat sak sy boek op sy skoot, haal sy oorfone af en lig sy swaar wenkbroue vraend.

"Dis julle ma," sê Beyers met 'n hulpelose skouerophaling.

Ek dog hy bedoel Mana. Watter ander ma is daar in hierdie huis? Maar dan sien ek hy kyk na Yann en Amos.

"Sy't 'n boodskap gelos en ons het haar teruggebel," sê Mana terwyl sy die eiers versigtig in 'n draadmandjie uitpak.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

In die roman ontmoet ons hierdie aangelapte gesin. Hulle bly in (2.1.1) ... Volgens Hanna is (2.1.2) ... die beste man wat haar ma nog ooit gehad het. Hanna het vir Fabienne, haar (2.1.3) ..., geskep. Hanna se biologiese pa wou graag vir Hanna se (2.1.4) ... verjaarsdag kom kuier. (4)

2.2 Waarom het Margot vir drie weke Suid-Afrika toe gekom? (1)

2.3 Margot het gevra of sy by die gesin op die berg kon kom kuier.

Wat was die gevolg hiervan vir Yann en Amos? (1)

2.4 "As sy nie hierheen kom nie, gaan sy ons glad nie sien nie." (Reël 7 en 8)

2.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie opmerking van Mana oor Margot is (ironies/sarkasties). (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.4.1. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.5 "Hoeveel onse is in jou pond?" (Reël 9)

2.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie vraag van Beyers kan ons aflei dat hy (tevrede/ geïrriteerd) met hierdie hele situasie was. (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1. (1)

2.6 Hoe verskil Mana en Margot se karakters soos ons hulle aan die begin van die roman leer ken? Jy moet in jou antwoord na Mana en Margot verwys. (2)

2.7 Een van die temas in hierdie roman is om jouself te aanvaar.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Hanna se Afrikaans-onderwyser het vir haar komplimente oor haar skryfwerk gegee. | A | 'n Mens moet besef dat geld nie geluk kan koop nie. |
| 2.7.2 | Margot het moeite gedoen met Hanna op haar verjaardag. | B | 'n Mens moet besef dat jou opinie oor jouself nie altyd is hoe ander mense jou sien nie. |
| 2.7.3 | Gavin het Hanna 'n *fabulous creature* genoem. | C | 'n Mens moet die talente wat jy ontvang het, gebruik. |
| 2.7 4 | Sharon het die eenvoudige lewe op die berg geniet. | D | 'n Mens moet gereeld oefening doen om gelukkig te wees. |
| | | E | 'n Mens moet leer om jou nie aan ander mense se opinies oor mense te steur nie. |

(4 x 1) (4)

2.8 "Mens sou sweer dis 'n blerrie hotel." (Reël 2 en 3)

Wat sou jy anders voor die kinders gedoen het as jy Beyers was? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Eintlik het ek mos al vroeër langs die helikopter die eerste borrels in my maag gevoel. Waar al my beste idees altyd begin.

Ek gaan daardie roman skryf wat ek vir die koningin belowe het. Maar ek gaan nie oor 'n fabelagtige skepsel soos Fabienne skryf nie. Ek het so 'n gevoel ek is vir altyd klaar met Fabienne en haar fantastiese tande. (Ek het ook so 'n gevoel juffrou Liebenberg sal vreeslik verlig wees om dit te hoor.) Ek gaan 'n storie skryf oor 'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa.

Ek sal sorg dat daar vir Margot Jordan ook 'n rol is om te speel. 'n Fassinerende moederfiguur. Iets soos tussen 'n bose heks en 'n goeie fee. En vir my beeldskone beste vriendin. En ag, nou ja, ek sal seker nie my irriterende stiefbroer uit die storie kan hou nie, nè?

Hulle sal almal in my boek wees. Hoe het Beyers nou weer vanoggend gesê? *Honde, kinders, grootmense.* Selfs die suster vir wie ek so lank gewag het. Amanzi of Kwakwa of Water of wat haar naam ook al gaan wees.

Terwyl my pa met uitgestrekte arms en rukkende heupe op die kombuistafel dans, sien ek die titel soos in 'n visioen. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom.*
*'n Ware verhaal.*

2.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Sharon se pa het 'n helikopter gereël.
- Gavin het almal saam konsert laat hou.
- Die hele gesin het met Ditjie se geboorte gehelp.
- Margot het vir die gesin hulle Tarot-kaarte gelees. (4)

2.10 " ... die eerste borrels in my maag gevoel." (Reël 1 en 2)

Verduidelik die figuurlike betekenis van Hanna se gedagtes. (1)

2.11 "Ek gaan daardie roman skryf wat ek vir die <u>koningin</u> belowe het." (Reël 3)

2.11.1 Watter beeldspraak kry ons in die onderstreepte woord in hierdie reël? (1)

2.11.2 Wat beteken dit binne die konteks van die roman? (1)

2.12 Dink aan die hele uittreksel.

2.12.1 Na watter ruimte verwys dit? (1)

2.12.2 Na wie verwys "irriterende stiefbroer" in reël 11? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.13) neer.

Hanna het baie innerlike konflik oor haar voorkoms gehad, want ...

A Sharon was baie mooier as sy.
B Amos en Tobo het haar gereeld gespot.
C sy het gedink sy is nie goed genoeg vir Yann nie.
D sy het net gefokus op die dinge wat verkeerd was. (1)

2.14 Hanna was jaloers op die nuwe babadogtertjie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.15) neer.

Een van die temas in die roman wat die duidelikste in reël 16 en 17 na vore kom, is ...

A die kanse wat 'n goeie skryftalent jou bied.
B aanvaarding van jou eie gesinslewe.
C die nakoming van beloftes.
D die afskeid van geliefdes. (1)

2.16 "... met 'n onwaarskynlike ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa." (Reël 7 en 8)

Waarvan is die beskrywing van Hanna se ouers simbolies in Hanna se lewe? (1)

2.17 Watter goeie voorbeeld het Gavin vir jou gestel terwyl hy saam met Hanna-hulle op die berg was? (1)

2.18 Hoe slaag die skrywer daarin om jou in hierdie uittreksel te laat dink dat Hanna régtig 'n ware verhaal gaan skryf? (1)

2.19 In hierdie roman sluit die titel, inhoud en slot goed bymekaar aan.

2.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die roman as jy net na die titel kyk? (1)

2.19.2 Hoe sluit dit wat in die roman rondom Ditjie se geboorte gebeur het, by hierdie titel aan? (1)

2.19.3 Hoe het hierdie roman positief vir Mana geëindig, as ons haar doel met die wittebrood op die berg in gedagte hou? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

... "Asseblief, Mama-Meeu. Die kaptein sal my laat loop as hy weet."
Sy bly verbouereerd staan. Sy kyk hom ongelowig aan, asof sy nog nie kan begryp dat die bondeltjie 'n klein, lewende babatjie is nie.
"Hoe't jy hom hier gekry?"
"Ek het hom vanmiddag saamgebring. In die sak."
In die sak! Sy sit haar hand voor haar mond.
"Jannerik, ek weet nie of jy die kleintjie hier sal kan hou nie."
"Ja, Mama-Meeu. Maar dis net tot volgende Vrydag toe. My suster, Ousanna Siener, gaan in Kaap toe. Sy't kakkerjakke op die oë en haar traanklier het opgedroog. Sy gaan met die kliniek se vantjie in. Sy kom volgende Vrydag weer terug. Dan sal sy ... of miskien is Doreen-hulle dan ook al terug."
"Weet Doreen?"
Hy skud sy kop. "Niemand weet nie. Net ek en Ousanna."
"Waar is Doreen-hulle?"
"Na Reggie se broer, Billy, toe. Hoog op in Suidwes. Ons kon hulle nie in die hanne kry vir die begrafnis nie."
Ryna neem die kind by Jannerik. Die ogies is nou toe en die mondjie suig desperaat aan die fopspeentjie. Die digte swart haartjies staan penorent op die kroontjie. Die gesiggie is rooierig. Die asempie jaag nog effens van die geskreeu, wat nou bedaar het. Jannerik kyk dankbaar na Ryna.
"My magoed was so te sê spierwit uitgebaster. Nou het dit jeentemal deurgeslat ..."

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

Ryna van Rensburg het na haar seun, (3.1.1) ..., se dood besluit om met 'n nuwe lewe te begin. Sy het 'n pos aanvaar om vir (3.1.2) ... jaar op Meeuland te gaan werk. Meeuland is 'n eiland naby die dorpie, (3.1.3) ... Met Ryna se aankoms op hierdie dorpie het sy vir ant Hansie ontmoet. Nadat Ryna die gesprek tussen ant Hansie en die kaptein van Meeuland gehoor het, het Ryna (3.1.4) ... gevoel. (4)

3.2 Dink aan die hele uittreksel.

3.2.1 Na watter ruimte verwys dit? (1)

3.2.2 Na wie verwys "Mama-Meeu" in reël 1? (1)

3.3 Kinnie het vir niemand vertel dat sy swanger is nie.

Wat was die gevolg hiervan vir die baba? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer.

Een van die temas in die roman wat die duidelikste in hierdie uittreksel na vore kom, is dat mense ...

A mekaar in tye van nood moet help.
B maklik hulle rug op moeilike situasies draai.
C die kans moet kry om hulleself weer te vind.
D dink dis genoeg as jy kinders net fisies versorg. (1)

3.5 Waarom het almal na Ousanna as die Siener verwys? (1)

3.6 Jacob het met Jannerik geraas toe hy die baba by Ryna sien.

Wat sou jy anders gedoen het as jy Jacob was? (1)

3.7 Jannerik het gedink dat net hy en Ousanna van die baba geweet het, maar Kinnie het vir ander mense ook vertel.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

3.8 Elsabet se eie baba is onder moeilike omstandighede op die eiland gebore.

Hoe het Jacob en Jannerik verskillend op hierdie krisis gereageer? Jy moet in jou antwoord na Jacob en Jannerik verwys. (2)

3.9 Een van die temas in hierdie roman is dat jou keuses ander mense se lewens beïnvloed.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.9.1 tot 3.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.9.1 | Ryna se man het sy doen en late van haar af weggehou. | A | 'n Mens moet respek hê vir die huwelik. |
| 3.9.2 | Ant Hansie het baie mense met liefde in haar huis versorg. | B | 'n Mens moet besef dat die waarheid jou vrymaak. |
| 3.9.3 | Jacob, Jannerik en Ryna het 'n geheim gehad. | C | 'n Mens moet nooit glo dat jy iemand anders ten volle kan ken nie. |
| 3.9.4 | Deur sy optrede het Fred verskeie vrouens se lewens verwoes. | D | 'n Mens moet altyd glo dat daar nog 'n kans op geluk is. |
| | | E | 'n Mens moet altyd daar wees vir die mense wat jy liefhet. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

... Sy sprei haar arms oop en haar liggaam ruk agtertoe voordat sy vooroor val en bly lê.

"Ek sal jou kry, Skalla!" roep Jacob rasend oor die water, terwyl die bootjie wegvaar en een word met donkerte en see.

"God, help! My kind!"

Dis Daniel wat haar in sy arms optel terwyl haar bloed oor sy klere stroom.

Daardie aand het Ryna 'n ander faset van Jacob ontdek. Hy was 'n gekweste dier met wilde swart oë waaruit 'n oerhaat gestraal het, sodat sy bang was om naby hom te kom. Hy, wat altyd die een was om in 'n noodgeval op te tree, het eenkant bly staan, asof hy nie deel was van die bloedbevlekte Oukersaand nie. Dit was sy en Attie wat die drukverbande op die wond geplaas het. Dit was Jannerik wat vir Geelbek geroep het. Dit was Daniel wat hulle goed haastig ingepak het. En deur dit alles het die Kersboom se liggies bly flikker, aan en af, rooi, geel, blou en Attie het vergeet om sy Kersvaderpak uit te trek.

Dokter Alwyn du Toit het saam met die Meeuw gekom. Hulle het die bewustelose liggaampie in die net geplaas en met 'n spesiale katrol op die dek gelaai. Jacob en Ryna en Daniel het saamgegaan. In die skipperskajuit het die geveg om Janka se lewe begin: 'n Draagbaar, suurstofapparaat, 'n drup.

3.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Attie het werk op 'n diamantboot gekry.
- Elsabet het op die *Sheila's Song 2* in 'n storm beland.
- Jacob is tronk toe gestuur.
- Ryna is Kaap toe vir haar boekbekendstelling. (4)

3.11 "Ek sal jou kry, Skalla!" (Reël 3)

3.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde van Jacob dui daarop dat Jacob (sy dreigement sou uitvoer/Skalla sou uitlos). (1)

3.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.11.1. (1)

3.12 "Hy was 'n gekweste dier." (Reël 7)

3.12.1 Watter beeldspraak kry ons in hierdie reël? (1)

3.12.2 Wat beteken dit binne die konteks van hierdie uittreksel? (1)

3.13 "... oë waaruit 'n oerhaat gestraal het ..." (Reël 8)

Hoe is hierdie oerhaat simbolies van die verhouding tussen Jacob en Skalla? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.14 "... die bloedbevlekte Oukersaand ..." (Reël 10)

Verduidelik die figuurlike betekenis van hierdie woorde. (1)

3.15 Daar was baie mense wat gewag het toe die Meeuw die gewonde Janka afgelaai het. Tussen al hierdie mense het Ryna dadelik Fred se bekommerde gesig raakgesien.

3.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reaksie van Ryna was (ironies/simpatiek). (1)

3.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.15.1. (1)

3.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.16) neer.

Ryna het baie innerlike konflik oor Janka gehad, want ...

A sy was bang dat Janka dalk kon sterf.
B sy was bang sy sou nooit weer vir Janka sien nie.
C Fred het die reg gehad om te weet dat Janka sy kind was.
D Fred kon dalk besluit om Janka weg te hou van Jannerik af. (1)

3.17 Watter goeie voorbeeld het Daniel in hierdie situasie vir jou gestel? (1)

3.18 Hoe slaag die skrywer daarin om die krisissituasie te beskryf? (1)

3.19 In hierdie roman sluit die titel, inhoud en slot goed bymekaar aan.

3.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die roman as jy net na die titel kyk? (1)

3.19.2 Hoe sluit dit wat in die verhaal gebeur, aan by wat die eiland vir Ryna beteken het? (1)

3.19.3 Hoe het hierdie roman positief vir Jannerik geëindig? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

"Moet net nie jou *panty* kou nie," sê Sally sonder om haar kop te draai. Sy staan op. "Ek het al klaar al die *life skills* wat ek wil hê. *Call me if you need me*." Sy stap met swaaiende heupe in die rigting van die kleedkamer. Lae nikotienvlak, vermoed Lien.

"*Let's get this over with*," sê die vale Miemie Spies en pluk meneer Bruwer se spyskaart uit Lien se hande. Sy gaan sit op die stoeptrappie in die son en krap met 'n pers pen op die dokument.

Lien is verlig. Sy is bly sy hoef nie die leiding te neem nie.

"Ken jy 'n prokureur?" vra Miemie onverwags. Die vraag betrap Lien onkant. Sy kyk 'n paar oomblikke sprakeloos na Miemie. Sy skud haar kop stadig heen en weer. Is dit nou hier waar die haan moet kraai? wonder sy.

"My pa se prokureur is 'n regte *perv*, maar ek sal hom bel," gaan Miemie voort asof sy nie Lien se ongemak agterkom nie. Sy maak 'n paar merkies met haar pers pen op die dokument.

"Lien, dis vir jou. Jy moet op die Internet gaan kyk wat die universiteite wil hê. Ek sal my pa se prokureur bel, en Hein, jy moet 'n draai by 'n firma in die stad maak. Ons los maar vir Sally."

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Nadat Lien se pa in die tronk beland het omdat hy geld (4.1.1) ... het, moes die Joostegesin trek. So het Lien en Braam in Hoërskool (4.1.2) ... beland. Op Lien se eerste dag by die skool het sy vir (4.1.3) ... ontmoet. Hulle het goeie vriende geword. Toe Lien moes begin bedel om (4.1.4) ... vir die huishouding te verdien, het sy vriende buite die skool ook gemaak. (4)

4.2 " 'Moet net nie jou *panty* kou nie,' sê Sally ..." (Reël 1)

Verduidelik die figuurlike betekenis van Sally se woorde. (1)

4.3 Lien en Sally was in dieselfde groep. Hoe het Sally se optrede teenoor Lien hier verskil van hoe sy later teenoor Lien opgetree het? Jy moet in jou antwoord na hier en later verwys. (2)

4.4 "Sy is bly sy hoef nie die leiding te neem nie." (Reël 7)

4.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As ons dink aan alles wat Lien in hierdie roman moes doen, is haar gedagtes hierbo (sarkasties/ironies). (1)

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Miemie se vraag in reël 8 het innerlike konflik by Lien veroorsaak, want sy ...

A het gevoel Sally doen nie haar deel nie.
B was bang die waarheid oor haar pa kom uit.
C was kwaad omdat sy aan die groepstaak moes deelneem.
D het gedink as leier moes Miemie nie so 'n vraag vir haar vra nie. (1)

4.6 Waarom wou Miemie haar pa se prokureur bel? (1)

4.7 Meneer Bruwer het vir Lien-hulle 'n taak gegee oor hulle toekomstige beroepe.

Wat was die gevolg hiervan vir Lien? (1)

4.8 Een van die temas in hierdie roman is dat mense mekaar nodig het.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.8.1 tot 4.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.8.1 | Braam het Lien met niks gehelp nie. | A | 'n Mens moet die geleenthede wat oor jou pad kom, goed gebruik. |
| 4.8.2 | Tannie Bets het gehelp sonder dat Lien-hulle gevra het. | B | 'n Mens moet jou talente gebruik. |
| | | C | 'n Mens moet uitspring en self dinge doen. |
| 4.8.3 | Miemie het afwesige ouers gehad. | D | 'n Mens moet ander se hulp waardeer. |
| 4.8.4 | Tibbey het positief na die lewe gekyk. | E | 'n Mens moet besef dat baie geld nie beteken dat jy gelukkig is nie. |

(4 x 1) (4)

4.9 "Ons los maar vir Sally." (Reël 15 en 16)

Wat sou jy anders gedoen het as jy Miemie was? (1)

4.10 In die roman gee Lien vir die mense om haar allerhande name oor hoe hulle lyk.

Watter slegte voorbeeld het Lien hiermee vir jou gestel? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

... Sy kan omtrent nie deur die trane sien nie terwyl sy na haar hoek toe loop. Hy gaan. Hy gáán, Hein.

Die oggend wil nie verbygaan nie. Dis warm en sy wens die ure om. Sy hoor kort-kort 'n gelag en 'n getoet by Entertainment Corner. Sy kyk gereeld om, maar sy is te ver om te hoor wat gebeur. Sy sien Tibbey waai die Bloubul-vlag asof sy lewe daarvan afhang.

Toe sy hom elfuur vir hulle *tea break* gaan haal, wil hy nie dat sy hom stoot nie.

"Los my. *I can do it!*" sê hy ongeduldig. Hy is nie vriendelik nie, maar sy oë blink. Sy stap agter hom aan na die akasiaboom. Hy sukkel om van die sypaadjie af te kom, maar hy wil nie hê dat sy hom moet help nie.

Roos werk nie vandag nie en hulle sit in stilte en kyk na die karre wat by hulle verbystroom. Waar gaan almal heen? wonder Lien. Elkeen het iewers 'n lewe. Tibbey drink tydsaam aan die Coke wat sy vir hom saamgebring het, sy oë stip op die verkeer. Sy hou hom onderlangs dop terwyl sy aan haar appel kou.

Hy draai skielik om in sy karretjie en kyk na haar. Sy hou vir 'n oomblik op kou.

"You are a true friend, Lieen Djôste, a real blerrie true friend." Lien kou verder.

4.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien het 'n pruik en 'n brilletjie geleen.
- Lien het vir haar gemaklike skoene gaan koop.
- Lien het gesien hoe 'n vrou by Pick-n-Pay bedel.
- Roos het vir Lien goeie raad gegee oor hoe om te bedel. (4)

4.12 Lees reël 1 en 2.

4.12.1 Na watter ruimte verwys "haar hoek" in reël 1? (1)

4.12.2 Na wie verwys "hy" in hierdie reëls? (1)

4.13 "Hy gaan. Hy gáán, Hein." (Reël 1 en 2)

4.13.1 Watter stylfiguur kry ons in hierdie reëls? (1)

4.13.2 Wat sê dit vir ons binne die konteks van hierdie uittreksel? (1)

4.14 "Sy hoor kort-kort 'n gelag en 'n getoet by Entertainment Corner." (Reël 3 en 4)

4.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit die gelag en getoet kan ons aflei dat (Tibbey se karretjie in die mense se pad was/die mense bly was om Tibbey weer te sien.) (1)

4.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.14.1. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.15 Lien wou nie hê dat die mense by die skool moes weet sy is vriende met Roos en Tibbey nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.16 "Hy draai skielik om in sy karretjie en kyk na haar." (Reël 15)

Waarom kan ons sê dat Tibbey se "karretjie" die simbool van iets positiefs in sy lewe was? (1)

4.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.17) neer.

Een van die temas in die roman wat die duidelikste in hierdie uittreksel na vore kom, is ...

A bedelary.
B uitbuiting.
C alkoholisme.
D ondersteuning. (1)

4.18 Hoe slaag die skrywer daarin om vir die leser te wys dat Tibbey alles wat hy doen, met sy hele hart doen? (1)

4.19 In hierdie roman sluit die titel, inhoud en slot goed bymekaar aan.

4.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die roman as jy net na die titel kyk? (1)

4.19.2 Hoe sluit die "lankstaanskoene" aan by die dinge wat Lien in hierdie roman gedoen het? (1)

4.19.3 Hoe weet jy dat hierdie roman positief vir Christien Jooste geëindig het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

HOEDJIE *(beweeg opgewonde na groep)*. Hoe sit julle dan so? Weet julle nie van die troewelheid in die lokasie nie? Die mense gaan strike vir die moeilikheid met die paste en die permits na Langa. En vir pound a day.

*Ander reageer. Ad lib.*

STONE. Ek het gehoor hulle maak 'n plan vir 'n vergadering, maar ek het nie krag om soontoe te gaan nie.

*Ander neem hom kwalik. Ad lib.*

POPPIE *(staan op; direk aan hulle)*. Laat staan vir julle swaertjie. Kan julle nie sien hy is siek nie? Die dokter wil hom hospitaal toe stuur. Mosie ... bhuti Plank ... los julle maar ook die vergaderings uit! *(Draai na die gehoor en kom vorentoe. Lig slegs op haar.)* Dit was nie 'n kwessie van of jy voel vir die strike of nie. 'n Strike is mos so. Jy's in die strike, anders is jy in gevaar, dan dink die mense jy's 'n spy. Die mense het die eerste dag na die poeliesstasie gemarch en hulle paste weggebring, party het hulle gaan brand, anders het dit op 'n hoop gegooi. Ek het by die huis gebly met die kinders en die siek man. Hulle het gesê die pass-laws is te swaar en die geld is te min. Daai tyd het die poeliesse sommer twaalfuur in die nag in die huis ingekom en ge-demand:
WIT POLISIEMAN. Iphi idompas? Waar is jou pas?

*Almal se koppe draai in rigting van die stem.*

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

In 1953 het Poppie met Stone getrou, 'n man uit die (5.1.1) ... Hulle het vyf kinders gehad. Hulle oudste seun se naam was (5.1.2) ... Poppie se grootste moeilikheid het begin met die (5.1.3) ... op die pasboeke wat hulle in die Kaap nodig gehad het. Die eerste opstande teen hierdie wet het in (5.1.4) ... in die Kaap plaasgevind. (4)

5.2 "HOEDJIE *(beweeg **opgewonde** na groep)*." (Reël 1)

5.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hoedjie se opgewondenheid in hierdie situasie is (ironies/komies). (1)

5.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.2.1. (1)

5.3 Stone was siek.

Hoe het Poppie en Stone verskil oor Stone se werk by die melkery in Philippi? Jy moet in jou antwoord na Poppie en Stone verwys. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.4 Stone het nooit regtig gesond geword nie.

Wat was die gevolg hiervan? (1)

5.5 Waarom was Hoedjie so bekommerd oor Poppie wat nie die regte papiere gehad het nie? (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) neer.

Die *strikes* het innerlike konflik by die mense veroorsaak, want hulle het nie ...

A respek vir die polisie gehad nie.
B geweet wat die regte ding was om te doen nie.
C altyd geweet waaroor die *strikes* gegaan het nie.
D vervoer gehad om hulle paste by die kantore te hernu nie. (1)

5.7 Waarvan was die paste 'n simbool vir werkende mense? (1)

5.8 Een van die temas in hierdie drama is die onreg aan mense.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.8.1 tot 5.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.8.1 | Poppie se pa het die gesin verlaat. | A | 'n Mens moet leer om te vergewe. |
| 5.8.2 | Poppie het nie skool klaargemaak nie. | B | 'n Mens moet soms baie dinge opoffer om die beste vir jou gesin te kan gee. |
| 5.8.3 | Poppie moes baie lang ure werk om haar gesin te kon versorg. | C | 'n Mens moet praat wanneer jy sien dat dinge nie reg is nie. |
| 5.8.4 | Poppie se kleinseun is deur 'n dwaalklip getref. | D | 'n Mens wil graag in moeilike situasies op jou familie kan staatmaak. |
| | | E | 'n Mens kry nie altyd die geleentheid om jou potensiaal te ontwikkel nie. |

(4 x 1) (4)

5.9 Aan die einde van die *strike* in Nyanga het Poppie haar eie lewe in gevaar gestel.

Wat sou jy anders gedoen het as jy Poppie was? (1)

5.10 Watter voorbeeld van verantwoordelikheid het Poppie in die situasie met die strikes vir jou gestel? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

POPPIE. Die kinders sal moet sien lat hulle regkom. Oor alles het ek gekom, maar nou het ek geleer, hieroor kan ek nie kom nie. Want dis nou uit my hande uit geneem, dis nou oorgegee in my kinders se hande. Dis nou my kinders wat voortgaan. Vrede sal daar nie kom nie. Self dié wat vrede wil hê, word ingesleep in die moeilikheid. Daaraan sal ons maar gewoond moet word. Daaraan kan ons niks doen nie. Maar God is my getuie, ek het die moeilikheid nie gesoek nie. Van die begin af was dit nie ek wat die moeilikheid gesoek het nie. Here, waar is dit dan lat ek uit jou pad gedraai het? *(Sy vee haar oë, waaruit daar nog nie trane gekom het nie, met haar sakdoek af, asof sy die onduidelikheid daaruit wil vee.)* As die Here wil lat jy gaan, sal jy gaan, as die Here wil lat jy bly, sal jy bly. As die Here gewil het dat Jakkie moet gaan, moes hy gaan. En as my kinders in die ding gesleep moes worde, dan is dit waartoe hulle gebore is. En wie kan uit hulle pad neem dit waarvoor hulle gebore is?

*Spelers sing "Nkosi sikelel' iAfrika" soos 'n gebed.*

5.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Bonsile het 'n meisie swanger gemaak.
- Jakkie het moeilikheid met die polisie gehad.
- Poppie het haar dogters Herschel toe gestuur.
- Die *city-borners* en die *migrants* het met mekaar baklei. (4)

5.12 Lees die hele uittreksel.

5.12.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

5.12.2 Waarna verwys die "hieroor" in reël 2? (1)

5.13 In hierdie uittreksel praat Poppie met die gehoor.

5.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Poppie se woorde lei ons af dat sy (aanvaar wat gebeur het/ ontevrede is met die Here). (1)

5.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.13.1. (1)

5.14 "... lat ek uit jou pad gedraai het?" (Reël 7)

Verduidelik die figuurlike betekenis van Poppie se woorde. (1)

5.15 "En wie kan uit hulle pad neem dit waarvoor hulle gebore is?" (Reël 12)

5.15.1 Watter stylfiguur kry ons in hierdie reëls? (1)

5.15.2 Wat beteken dit binne die konteks van die uittreksel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.16 Jakkie het vir Poppie gaan verduidelik wat hy gedoen het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.17) neer.

Uit Poppie se woorde en gedagtes in hierdie uittreksel kom die tema van ... sterk na vore.

A haat
B trots
C verset
D geloof (1)

5.18 Hoe kry die dramaturg dit reg om jou in hierdie uittreksel simpatie vir Poppie te laat voel? (1)

5.19 In hierdie drama sluit die titel, inhoud en slot goed by mekaar aan.

5.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die drama as jy net na die titel kyk? (1)

5.19.2 Hoe leer ken die leser Poppie in hierdie drama? (1)

5.19.3 Hoe weet jy dat hierdie drama positief vir Poppie geëindig het? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper 'n dierlike geluid.

HENDRIK: W-i-l-l-e-m ...!

68. Die nar en klein Willem is in die skuur bymekaar. Hulle sit op 'n kol waar die son skyn. Die nar is in gewone klere. Hy is besig om Willem met sy hoender-konsert te probeer liemaak. Hy kloek en hy skrop en hy kekkel.

Die kind sit net strak en kyk.

NAR *(uiteindelik)*: Oukei, jy wil nie vandag lag nie. Dis oukei. *(Die kind kyk weg.)* Wat is dit wat pla? *(Die kind skud sy kop.)* Jy kan maar vir my vertel. Ek sal vir niemand sê nie. *(Die kind sit net voor hom en kyk.)* Wil jy vir my skryf? *(Hy hou 'n potlood na Willem toe.)* Tóé, skryf. *(Daar begin nou trane oor Willem se wange loop, maar sy gesig bly uitdrukkingloos.)* Nee-nee-nee-nee-nee-nee. Nie trane nie. Die lewe is te kort vir trane. Ons speel liewer. Speel is altyd beter as trane. Altyd. *(Die nar voel in sy sakke rond en haal 'n grimeerpotlood uit. Hy verf twee groot boë bokant Willem se oë.)* Kom. Kom ons teken iets. *(Hy soek in sy broeksak en haal 'n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond.)* Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken 'n nuwe Willem.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Manuel het met die (6.1.1) ... op Hendrik McDonald se stasie aangekom. Hy het vriende gemaak met Willem, wat nie wou praat nie. (6.1.2) ... het gesê Willem is so omdat hy bang was vir iets. Manuel en Willem was dikwels saam in die skuur of in die (6.1.3) ... Manuel het vir Willem baie (6.1.4) ... met sakdoeke geleer. (4)

6.2 Waarom is Willem so hartseer? (1)

6.3 Toe Willem teen donker nog nie by die huis was nie, was sy ouers baie bekommerd.

Wat was die gevolg hiervan? (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

Terwyl Willem weg was, het Hendrik vir die eerste keer vir Katrien van sy innerlike konflik vertel omdat ...

A Emma nie wou trou nie.
B Katrien nie meer klavier gespeel het nie.
C ander stasiemense nie sy posisie gerespekteer het nie.
D daar altyd ander mans was wat baie aandag aan Katrien gegee het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.5 "Die lewe is te kort vir trane." (Reël 11 en 12)

6.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As ons dink aan Manuel se optrede toe hy van die McDonalds afskeid geneem het, is hierdie woorde van hom (ironies/gevoelloos). (1)

6.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.5.1. (1)

6.6 Hendrik kon Willem nie laat praat nie. Manuel het dit wel reggekry.

Verduidelik die verskil tussen Hendrik en Manuel se hantering van Willem se praatprobleem. Jy moet in jou antwoord na Hendrik en Manuel verwys. (2)

6.7 "... ons teken 'n nuwe Willem." (Reël 15 en 16)

Waarom kan ons sê dat die "nuwe Willem" die simbool van 'n positiewe verandering vir Willem self was? (1)

6.8 Een van die temas in hierdie drama is die gebrek aan kommunikasie tussen die lede van die McDonald-gesin.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.8.1 tot 6.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Hendrik is nooit bevorder nie. | A | 'n Mens is bang om dieselfde foute te begaan. |
| 6.8.2 | Katrien wou met die trein weggaan. | B | 'n Mens moenie toelaat dat spanning jou gesondheid beïnvloed nie. |
| 6.8.3 | Emma wou nie trou nie. | C | 'n Mens moet aanhou probeer om te kry wat jy wil hê. |
| 6.8.4 | Nollie het tyd saam met die gesin deurgebring. | D | 'n Mens se persoonlike probleme het 'n nadelige invloed op jou werk. |
| | | E | 'n Mens wil graag waardeer word. |

(4 x 1) (4)

6.9 Toe Willem by die huis gekom het, het hy op die bank op die stoep gaan slaap.

Wat sou jy anders gedoen het as jy Willem was? (1)

6.10 Watter voorbeeld van verantwoordelikheid het Manuel in hierdie situasie met Willem vir jou gestel? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

Die motorligte word die een na die ander afgeskakel. Dis Sakkie du Toit wat eerste uit sy motor klim. Nog twee motors kom aan en hou stil. Ouderling Bothma klim uit 'n tweede motor en Thys Briekman uit die derde motor. Ander mense bly in die motors sit. Hendrik kom nader. Die drie mans stap na hom toe. Nog 'n motor hou stil.

HENDRIK: Naand ...

Katrien en Emma-hulle gee nie pad nie. Hulle staan en kyk.

OUDERLING BOTHMA: Naand, Hendrik.

Hulle kom tot by hom. Hulle lyk ongemaklik.

HENDRIK: Kan ek help?
SAKKIE: Ons het maar net kom sê ons is jammer oor daardie spul. Dit was nie nodig nie.
HENDRIK: Ag, nee wat. Kyk. *(Hy hou sy arms oop.)* Ons makeer niks.
OUDERLING BOTHMA: Die mense het begin ry anderkant. Die dans is in sy kanon in.
HENDRIK: Kom in. Kom sit. Ek was juis van plan om 'n knertsie in te gooi.
SAKKIE: Die vrouens sit in die kar.
HENDRIK: Nou bring hulle. Bring hulle. Bring hulle.

Hy wink hulle nader terwyl nog twee motors kom stilhou.

143. Nollie en Emma is alleen in die eetkamer. Langsaan in die voorkamer is 'n gedruis van stemme, musiek en gelag. Emma staan langs 'n stoel met haar hand op die leuning. Nollie sit sy hand op hare neer. Sy kyk vir hom. En albei weet: dit gaan nou gebeur.

6.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Manuel het besluit om terug te gaan sirkus toe.
- Manuel is uit die kerk gejaag.
- Hendrik het Manuel se leersak reggemaak.
- Jan Mol het vir Manuel raakgeskiet. (4)

6.12 Lees reëls 1 tot 11.

6.12.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

6.12.2 Na wie verwys "daardie spul" in reël 10? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.13 "HENDRIK: Naand ..." (Reël 5)

6.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hendrik voltooi nie sy sin nie. Dit sê vir ons dat hy (nie die mense wil sien nie/nie weet wat om van die mense te verwag nie.) (1)

6.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.13.1. (1)

6.14 "Die dans is in sy kanon in." (Reël 13)

Verduidelik die figuurlike betekenis van ouderling Bothma se woorde. (1)

6.15 "Nou bring hulle. Bring hulle. Bring hulle." (Reël 16)

6.15.1 Watter stylfiguur kry ons hier in reël 16? (1)

6.15.2 Wat beteken dit binne die konteks van die uittreksel? (1)

6.16 Willem het gaan wegkruip toe al die mense by hulle huis aangekom het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.17) neer.

Uit Hendrik se optrede in hierdie uittreksel kom die tema van ... sterk na vore.

A haat
B vergifnis
C vrolikheid
D eensaamheid (1)

6.18 Hoe kry die dramaturg dit reg om in hierdie uittreksel 'n atmosfeer in die McDonaldhuis te skep wat **anders** as in die res van die drama is? (1)

6.19 In hierdie drama sluit die titel, inhoud en slot goed by mekaar aan.

6.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die drama as jy net na die titel kyk? (1)

6.19.2 Hoe het Manuel se paljas in die lewens van mense soos ouderling Bothma en Sakkie gewerk? (1)

6.19.3 Hoe weet jy dat hierdie drama positief vir Hendrik en Katrien geëindig het? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

*Ligte doof uit en weer in op toneel in Bos. LUKAS sit op sy hurke langs die huis.*

NINA: Wil jy 'n patat hê, Lukas?

LUKAS: Nee.

NINA: Kan jy 'n geheim hou?

LUKAS: Watse geheim?

NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.

LUKAS: Ek gaan nêrens heen nie.

NINA: Jy gaan bobbejaanboude kry van net so sit en sit.

LUKAS: Ek wag vir my ma.

NINA: Pa sê hy gee jou nog net vandag om uit jou nuk te kom. Van môre af gaat hy vir jou lekker kortvat.

LUKAS: Ek is nie julle kind nie.

NINA: Is, jy is.

LUKAS: My ma gaan my kom haal, jy gaan sien.

NINA: Jy's Lukas wat weggeraak het, man!

*Bosduif en loerie skree skielik naby.*

LUKAS: Ek is Benjamin Komoetie.

NINA: Sjuut! Hoor jy dit?

LUKAS: Wat?

NINA: Is jy doof? 'n Bosduif en 'n bosloerie tesame.

LUKAS: Meisiekind, weet jy miskien hoe ver ons van die pad af is wat Lange Kloof toe loop?

NINA: Die hardepad?

LUKAS: Ek weet nie, dis die pad wat deur die Bos loop en waarlangs hulle my Knysna toe geneem het.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


NINA: Dis Diepwalle se pad.

LUKAS: Hoe ver is ons van die hardepad af?

NINA: Lank se loop.

LUKAS: Weet jy hoe om daar te kom?

NINA: Ja.

LUKAS: Sal jy my wys om daar te kom?

NINA: Die geheim wat ek jou wil wys, is op pad daarheen. Miskien kan ons tot in Kom-se-bos se sleeppad hardloop ...

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Benjamin het voor die magistraat in die hof op die dorp, (7.1.1) ..., verskyn. Een van die (7.1.2) ... het vir Barta van Rooyen gesê watter seun sy as haar verlore seun moes uitwys. Haar seun was (7.1.3) ... jaar oud toe hy weggeraak het. Barta het gewys dat die seun met die (7.1.4) ... (kleur) hempie haar Lukas was. (4)

7.2 Waarom het Nina vir niemand anders van haar "geheim" (reël 6) vertel nie? (1)

7.3 "Sjuut! Hoor jy dit?" (Reël 18)

"Wat?" (Reël 19)

"Is jy doof? 'n Bosduif en 'n bosloerie tesame." (Reël 20)

7.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As 'n mens dink aan al die negatiewe dinge in Nina se lewe in die Bos, is hierdie woorde van haar (ironies/sarkasties). (1)

7.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.3.1. (1)

7.4 Lukas het uit die Bos weggeloop.

Wat was die gevolg hiervan vir hom? (1)

7.5 Wat sou jy anders as Lukas gedoen het as om weg te loop? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.6 Een van die temas in hierdie drama is Benjamin/Lukas se soeke na identiteit.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Lukas het gewag dat Fiela hom moes kom haal. | A | 'n Mens moet soms seker maak dat jy is wie jy dink jy is. |
| 7.6.2 | Op haar eie manier het Barta tog omgee vir Lukas gewys. | B | 'n Mens het altyd die keuse van watter werk jy wil doen. |
| 7.6.3 | Al het Lukas gesê dat hy nie die Van Rooyens se kind is nie, het hy Elias wel later Pa genoem. | C | 'n Mens probeer dikwels om die verkeerde dinge wat jy gedoen het, met beter dinge reg te maak. |
| 7.6.4 | Nina het van die begin af probeer om Lukas deel van haar lewe te maak. | D | 'n Mens onthou die liefde en beskerming wat jy as kind ervaar. |
| | | E | 'n Mens se opvoeding bepaal jou optrede teenoor ander mense. |

(4 x 1) (4)

7.7 Lukas en Nina het baie verskillend grootgeword. Wat het Fiela vir Benjamin oor werk geleer en hoe verskil dit van wat Nina in die Bos geleer het? Jy moet in jou antwoord na Benjamin en Nina verwys. (2)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

Die boswagter het later vir Nina werk op die dorp gekry. Sy het konflik hieroor beleef, want sy ...

A het nie van die mense gehou by wie sy moes gaan werk nie.
B het gevoel dat Barta haar in die Bos nodig gehad het.
C het gevoel dat sy misbruik word.
D wou nie so min geld verdien nie. (1)

7.9 Lukas was bereid om vir Nina vyf sjielings te betaal om vir hom die pad uit die Bos te wys.

Waarom kan ons sê dat hierdie vyf sjielings die simbool van iets positiefs in Lukas se lewe was? (1)

7.10 Watter voorbeeld van omgee het Nina in hierdie situasie met Lukas vir jou gestel? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

*Ligte uit. Musiek. Ligte op. Seetoneel. Vlagpaal met klipbankie.* JOHN BENN *besig om met seilnaald 'n vlag te lap.* LUKAS *kom opgestap.*

LUKAS: Ek het net kom sê ek is terug, *mister* Benn.

BENN *(laat naald vassteek in die vlag)*: Jy lyk verkreukel, maar jy klink beter, Van Rooyen.

LUKAS: Ek is. En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam. Daarby sal ek net kan uithelp tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, dan gaan ek terug Lange Kloof toe. Na my mense toe.

BENN: Jy *is* beter. Jy bly nog 'n raaisel, maar jy's die man wat ek in jou gesoek het – Komoetie, het jy gesê?

LUKAS: Ja.

BENN: Dis 'n eerbare naam, 'n ou Hottentotnaam.

LUKAS: Dis reg.

BENN: Loop sê vir Joop Stoep jy's terug.

LUKAS: Joop Stoep sal vandag ook nog vir my moet instaan, *mister* Benn. Ek moet na *miss* Weatherbury se huis toe gaan.

BENN *trek die naald deur die dik wit lap. Wanneer hy opkyk, is dit of daar êrens in sy ruiebaard 'n glimlag huiwer.* LUKAS *loop weg terwyl die ligte uitdoof en die openingsmusiek herhaal word.*

Gordyn

7.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas het by Barta gehoor dat hy nie Lukas van Rooyen is nie.
- Lukas het finaal besluit om nie terug te gaan Bos toe nie.
- Lukas is Wolwekraal toe om met Fiela oor Nina te praat.
- Lukas het die spookskip by Noetzie gesien. (4)

7.12 Lees reëls 1 tot 8.

7.12.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

7.12.2 Na wie verwys Lukas as hy in reël 8 van "my mense" praat? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.13 "Ek is. En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam." (Reël 6 en 7)

"Dis 'n eerbare naam, 'n ou Hottentotnaam." (Reël 12)

7.13.1 Watter stylfiguur kry ons in hierdie reëls? (1)

7.13.2 Wat beteken dit binne die konteks van die uittreksel? (1)

7.14 Lukas moes na *miss* Weatherbury se huis toe gaan om Nina se geld vir Elias te gaan haal.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is (1)

7.15 Lukas het vir *mister* Benn gaan vertel wat sy toekomsplanne is.

7.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hulle gesprek lei ons af dat *mister* Benn (twyfel oor/respek vir) Lukas gehad het. (1)

7.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.15.1. (1)

7.16 " ... tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, ..." (Reël 7 en 8)

Verduidelik die figuurlike betekenis van Lukas se woorde. (1)

7.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.17) neer.

Uit Lukas se optrede in hierdie uittreksel kom die tema van ... sterk na vore.

A haat
B vrede
C vooroordeel
D magteloosheid (1)

7.18 Hoe kry die dramaturg dit reg om *mister* Benn uit te beeld as iemand wat mense **kén**? (1)

7.19 In hierdie drama sluit die titel, inhoud en slot goed by mekaar aan

7.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die drama as jy net na die titel kyk? (1)

7.19.2 Alhoewel Fiela nog vier ander kinders gehad het, is die fokus in hierdie drama op Benjamin. Hoekom? (1)

7.19.3 Hoe weet jy dat hierdie drama positief vir Fiela geëindig het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **'KOM ONS STUUR VIR TASU' – Maretha Maartens**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> En dis toe wat Tasu doen.
>
> Nes die mense stilhou om brandstof vir die ver pad in te gooi, wys Tasu die botteltjies tieroë vir hulle.
>
> "Tieroë, tieroë!" smous hy asof hy daarvan hou. "Daar bly tiere diep in hierdie klippe, Meneer. Kyk hulle geel oë." Dan vat die mense die botteltjies en draai hulle teen die lig en kyk hoe die kwaai tiere se kwaai oë al blinker en blinker word.
>
> "Dis mooi," sê hulle. "Hoeveel kos so 'n botteltjie?"
>
> "Net vier rand," antwoord Tasu dan.
>
> So verkoop Tasu sewentien botteltjies vol ogies.
>
> Hy stop die geld in sy broeksak, maar sy hart is seer. Dit voel vir hom asof hy sy tiere verkoop het.
>
> Die Vrydagmiddag toe oom Jollyman se taxi kom, staan hy gereed. Ma het vir hom brood ingepak en hy het sy sweetpakbaadjie om sy lyf geknoop, want dit kan dalk koud word. Hy wou die bottel kruiemedisyne in sy drasak gepak het, maar Ma het gesê die prop is nie dig nie; hy moet dit op sy skoot hou.
>
> "Gedra vir jou," sê Ma. "Moenie wilde goed aanvang nie."
>
> "Ma moet eerder sê hy moenie sy babagesig opsit nie," sê Sterkman uit die bloute.
>
> "My babagesig? Ek sit nooit 'n babagesig op nie!"
>
> "Ha-ha," sê Sterkman. "Kyk maar vir jouself in die spieël. Jy's bang vir mense."

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1(a) tot 8.1.1(d)) neer.

Tasu se ouma bly op (8.1.1) (a) ... Sy was so siek dat sy nie kon (8.1.1) (b) ... nie. Sy het van Tasu se ma se kruiemedisyne nodig gehad. Pa kon dit nie vir die ouma vat nie, want die motor se (8.1.1) (c) ... was gedaan. Sterkman kon ook nie gaan nie, want hy het matriek geskryf. Ma wou nie vir (8.1.1) (d) ... stuur nie, want sy het nog nie verstand gehad nie. Daarom moes Tasu na sy ouma toe gaan. (4)

8.1.2 Tasu se ma het nie R60 vir taxigeld gehad nie.

Wat was die gevolg hiervan vir Tasu? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.3 Waarom wou Tasu se ma nie van die eiers verkoop vir taxigeld nie? (1)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.4) neer.

Nadat Tasu baie innerlike konflik ervaar het oor wat hy moes doen om taxigeld te kry, het hy dit gedoen, want ...

A hy was amper veertien.
B hy was 'n verantwoordelike kleinseun.
C sy ma het vir hom gevra om dit te doen.
D hy wou vir Sterkman bewys dat hy nie bang is nie. (1)

8.1.5 Wat was die verskil tussen Tasu en die ander mense in oom Jollyman se taxi? Jy moet in jou antwoord na Tasu en die ander mense verwys. (2)

8.1.6 "Daar bly tiere diep in hierdie klippe ..." (Reël 4 en 5)

Verduidelik die figuurlike betekenis van hierdie woorde. (1)

8.1.7 "Ma moet eerder sê hy moenie sy babagesig opsit nie," sê Sterkman uit die bloute. (Reël 18 en 19)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As ons dink aan alles wat Tasu gedoen het, is hierdie woorde van Sterkman (ironies/manipulerend) (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.7(a). (1)

8.1.8 As jy Tasu se ma was, wat sou jy anders gedoen het om die taxigeld te kry? (1)

8.1.9 Tasu was onselfsugtig. Gee 'n voorbeeld van sy onselfsugtigheid. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.10 Een van die temas in hierdie kortverhaal is dat dit nie altyd maklik is om die regte ding te doen nie.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.10(a) tot 8.1.10(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Tasu se ouma was baie siek. | A 'n Mens moet soms ekstra moeite vir iemand doen, al is dit nie deel van jou werk nie. |
| (b) Sterkman was kwaai oor sy slypsteen. | B 'n Mens moet besef dat die regte keuses jou lewe in 'n goeie rigting stuur. |
| (c) Oom Jollyman het seker gemaak dat Tasu weet waar hy hom weer Sondag sou oplaai. | C 'n Mens behoort opofferinge vir jou familie te maak. |
| (d) Tasu het besluit hy gaan nie meer bang wees nie. | D 'n Mens moet seker maak dat jy geld in tye van nood het. |
| | E 'n Mens moet mooi na jou goed kyk. |

(4 x 1) (4)

**EN**

8.2 **'GELUK IN ONGELUK' – Thelton Masimila**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

... Dit was 'n Sondagagtermiddag in 'n koffiewinkel met 'n Italiaanse naam. Hulle het albei cappucino's bestel en voor die skuim die bodem bereik het, het hulle alles van mekaar geweet.

Die lug ruik soos aarbeie. Soet en ferm, maar ook vriendelik. Nog elke keer as hy by die kamer met die geel deur ingestap het, het hy diep asemgehaal en dan kry hy hoendervleis wat hy van sy nek tot by sy arms voel trek. Vandag ruik hy steeds die aarbeie, maar die hoendervleis is nie meer daar nie. Dis net nie daar nie en dit pla hom. Hy sit die brief wat tussen sy vingers bewe op die mantel neer en die lemoensap op die linkerbedkassie.

Hy praat sag, rustig.

"Ek het vanoggend vir Vicky gevra wat somer is. Toe sê sy dis wanneer jy in die reën kan staan en lag, want jy kry nie koud nie. Kan jy dit glo? Tien jaar oud en sy sit die woorde so mooi bymekaar. Ek sê jou mos, sy hoor die musiek wat sy maak, maar sy weet nie sy sing nie."

Gavin gaan sit oudergewoonte langs die bed op Karla se gunsteling-stoel. Hy het die stoel vir haar op hul wittebrood gekoop. Dit was 'n tweedehandse oudhedewinkel in die hartjie van Kaapstad.

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.1 Dink aan die hele uittreksel.

(a) In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

(b) Na wie verwys "hy" in reël 5? (1)

8.2.2 "Die lug ruik soos aarbeie." (Reël 4)

(a) Watter beeldspraak kry ons in hierdie reël? (1)

(b) Wat beteken dit binne die konteks van hierdie kortverhaal? (1)

8.2.3 Wat is die simboliek van die "geel deur" (reël 5) in hierdie kortverhaal? (1)

8.2.4 "Vandag ruik hy steeds die aarbeie, maar die hoendervleis is nie meer daar nie." (Reël 7 en 8)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie gedagtes van Gavin lei ons af dat vandag ('n gewone dag sou wees/'n verandering in Gavin se lewe sou bring). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.4(a). (1)

8.2.5 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Gavin het vir Vicky vertel dat die masjiene afgeskakel gaan word.
- Gavin het vir Karla vertel dat hy die vorm geteken het.
- Die ander vrou het gehoor haar man is dood.
- Karla is ernstig beseer en in 'n koma. (4)

8.2.6 Vicky het Gavin se verduideliking aanvaar oor hoekom hy die masjiene gaan laat afskakel.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.2.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.7) neer.

Die universele tema van ... kom duidelik in hierdie kortverhaal na vore.

A ouerskap
B lewensverlies
C moeilike besluite
D ernstige motorongelukke (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.8 Hoe slaag die skrywer daarin om Gavin se innerlike konflik uit te druk? (1)

8.2.9 In hierdie kortverhaal sluit die titel, inhoud en slot goed bymekaar aan.

(a) Waaroor, dink jy, gaan die kortverhaal as jy net na die titel kyk? (1)

(b) Watter geluk het die ongeluk vir Gavin gebring? (1)

(c) Watter finaliteit kry ons in die slot van hierdie kortverhaal? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **'KEN JY DIE SEE ...' – Uys Krige**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**KEN JY DIE SEE ... – Uys Krige**

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
en kalm soos min dinge hier benee,
maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Dié vrede, kalmer as 'n stil, soet kind,
lyk of dit dae, dae lank sal duur.
Maar word dié bries 'n bulderende wind,
dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.

En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.

Ja, sleep die swart, swart wind die swart nag mee,
waar kry ons hulp dan, waar's ons naaste buur?
Die Dood staan voor die deur. Gee hy nog net één tree,
dan kelder hy ons almal in sy koue skuur.

En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.

Wat van die storms wat nooit ophou raas?
Jy sit pal in jou kliphuis, klam en guur,
en hoor die wind al woester, wreder blaas.
En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Was jy al van jou bootjie soos 'n veer gevee
deur 'n grys golf hoog soos 'n tronk se muur.
Wat help dit om te spartel en te skree: "Nee! Nee!"
sluk jy eers daardie waters sout en suur?

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Ken jy die doodsangs as die rukwind klap?
Dié waansin ken geen redmiddel of kuur.
Hy vreet mos aan jou ingewande nes 'n krap.
Hy's koud soos ys, heet soos hellevuur!

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Downloaded from Stanmorephysics.com

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur,
ons wat net één ou misstappie moet gee
en hy kom tromp-op op ons afgestuur!

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Sien jy die krom ou vroutjie daar, mevrou Mathee,
wat telkens ver, vér oor die golwe tuur?
Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.
Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur ...

[Uit: *Versamelde gedigte*. JL van Schaik, 1985]

9.1.1 Voltooi die volgende paragraaf korrek deur 'n woord(e) uit die gedig te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (9.1.1(a) tot 9.1.1(d)) neer.

Die vissers ken die see. Alhoewel die see (9.1.1) (a) ... lyk, is dit eintlik baie gevaarlik. Wanneer 'n bries in 'n kwaai (9.1.1) (b) ... verander, moet die vissers om hulle lewens veg. As die storms nie (9.1.1) (c) ... nie, kan die vissers nie uitgaan om vis te vang nie. Vissers wat wel op see is wanneer die storm baie erg is, kan doodgaan as hulle net een (9.1.1) (d) ... begaan. (4)

9.1.2 Lees strofe 5.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(a) "Ja, sleep die **swart**, **swart** wind die **swart** nag mee" (Reël 11)

Die spreker herhaal die woord "swart" om te beklemtoon dat (dit baie donker is/hulle situasie op see lewensgevaarlik is). (1)

(b) "Gee hy nog net **één** tree" (Reël 13)

Die spreker beklemtoon die woord "één" om te wys (hoe na aan die dood die vissers op die boot is/dat die mense wat hulle kom help, naby is). (1)

9.1.3 Die invloed van die see in strofes 7 en 9 verskil van mekaar.

Hoe beïnvloed die see die visserman se lewe volgens strofe 7 en strofe 9? Jy moet in jou antwoord na strofe 7 en strofe 9 verwys. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.1.4 Kies die begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.1.4(a) tot 9.1.4(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "**g**rys **g**olf" | A personifikasie |
| (b) "Hy vreet mos aan jou ingewande nes 'n krap." | B metafoor |
| | C alliterasie |
| (c) "Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur," | D eufemisme |
| (d) "Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur." | E vergelyking |

(4 x 1) (4)

9.1.5 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.5) neer.

Die spreker se toon teenoor die koper (Meneer) is ...

A tevrede.
B verwytend.
C opgewonde.
D manipulerend. (1)

9.1.6 Lees reëls 36 tot 39.

Hoekom kan ons sê dat dit wat die spreker in reëls 1 tot 35 vir ons van die see vertel, in reëls 36 tot 39 bewys word? Jy moet in jou antwoord na reëls 1 tot 35 en hierdie reëls verwys. (2)

9.1.7 Waarom is die gebruik van retoriese vrae in hierdie gedig gepas? (1)

9.1.8 "Dan sê jy **nog**, Meneer, die vis is duur." (Reël 5)

"En ***jy*** sê nog, Meneer, die vis is duur." (Reël 10)

In hierdie twee reëls plaas die digter klem op "nog" (reël 5) en "jy" (reël 10).

Wat wil die digter vir die leser hiermee sê? (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2 **'SPROEIREËN' – DJ Opperman**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**'SPROEIREËN' – DJ Opperman**

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

O my nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

[Uit: *Versamelde poësie*, Human & Rousseau, 1987]

9.2.1 Aan watter TWEE spesifieke persone dink die spreker? (2)

9.2.2 VOLTOOI die sin hieronder.

'n Strofe wat uit 4 reëls bestaan, is 'n ... (1)

9.2.3 Watter sintuig word hoofsaaklik in hierdie gedig gebruik? (1)

9.2.4 "daar's 'n vrou in elke geur!" (Reël 4)

(a) Noem EEN spesery wat die spreker aan spesifieke mense laat dink. (1)

(b) Wat kan ons aflei uit die spreker se verwysing na die verskillende geure? (1)

9.2.5 Hou die hele gedig in gedagte.

(a) Gee EEN woord uit die gedig wat vir ons sê dat die inhoud iemand se eie, persoonlike siening is. (1)

(b) Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Ons kan sê dat die inhoud van hierdie gedig 'n sterk (denotatiewe/konnotatiewe) betekenis het. (1)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2.6 Lees weer strofe 2.

(a) Na watter vrug verwys die sproeireën waarvan die spreker praat? (1)

(b) Waar kom hierdie sproeireën vandaan? Verduidelik dit in jou eie woorde. (1)

(c) Noem TWEE positiewe herinneringe wat hierdie sproeireën vir die spreker bring. (2)

9.2.7 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

In reël 7 en reël 9 is die woordorde verander. Hierdie stylfiguur staan bekend as (elisie/inversie). (1)

9.2.8 Waarom is strofe 1 en strofe 3 ingekeep? (1)

9.2.9 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.9) neer.

Al is die inhoud baie persoonlik, het hierdie gedig 'n ... tema omdat mense oral oor daarmee kan identifiseer.

A literêre
B fiktiewe
C universele
D alledaagse (1)

9.2.10 Die inhoud van hierdie gedig is waarderend van aard.

Verwys na die gebruik van die ellips in reël 14 en die uitroepteken aan die einde van reël 15 om te motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 39 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| AFDELING A: ROMAN<br><br>Beantwoord slegs EEN vraag. | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 14 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 19 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 23 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 26 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Kom ons stuur vir Tasu" | 18 | 31 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Geluk in ongeluk" | 17 | 33 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Ken jy die see ..." | 18 | 35 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Sproeireën" | 17 | 37 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik, kontras, ooreenkoms, verskil, verband of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met kolpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | twee | 1 |
| | | |
| 1.1.2 | Kate | 1 |
| | | |
| 1.1.3 | (digte) mis/donkerte/digtheid/ruigtes | 1 |
| | | |
| 1.1.4 | (sorteer)pan/(goud)pan | 1 |
| | | |
| 1.2 | Die Bosmense het Saul as verraaier gesien, want hy het...<br>• die Bos verlaat.<br>• vir MacDonald gaan werk.<br>• teen sy pa se wense in besluite geneem.<br>• alles van die Bos/Bos se dinge bevraagteken.<br>• glo vir Harrison oor die ivoor gespaai.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.3 | Arend wou by Saul weet hoe hy as Bosmens/houtkapper by MacDonald/'n houtkoper kan werk/hê Saul moes 'n kant kies; bosmense of MacDonald.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.4.1 | ('n) vergelyking | 1 |
| | | |
| 1.4.2 | Sy familie/Bosmense het hom ...<br>• gesien as iemand wat anders is/wou wegbreek.<br>• eenkant toe gegooi/uitgeskuif.<br>• verkwalik (oor sy besluite).<br>• as verraaier gebrandmerk/verwerp.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.4.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 1.5.1 | desperaat | 1 |
| | | |
| 1.5.2 | • Saul wou gehad het Arend/ander mense moet hom/sy optrede verstaan.<br>• Saul wou eintlik vrede met almal gehad het.<br>• Saul was seergemaak en wou dit regstel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.5.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 1.6 | A/hy het gevoel hy werk net om sy pa se skuld af te betaal. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.7 | Maska het ...<br>• Saul kom vertel van sy pa se dood.<br>• vir Saul kom sê wanneer die begrafnis sou wees.<br>• vir Saul vertel dat Jorampie deur 'n olifant vertrap is.<br>• vir Saul kom vertel dat hulle/Freek Terblans Oupoot gaan skiet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8 | • Arend het in 'n geroeste spyker getrap.<br>• Arend het bloedvergiftiging gekry.<br>• Arend is dood.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.9 | Ek sou ...<br>• teruggegaan het om my pa te help.<br>• gaan vrede maak het met my familie.<br>• vir hulle hulp gekry het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | Arend het ...<br>• vir Saul nuus oor sy familie gegee.<br>• met Saul gepraat/Saul nie geïgnoreer nie.<br>• ernstig met hom gepraat (om vrede met sy pa te gaan maak).<br>• Saul gehelp (toe hy hulp nodig gehad het).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | C/vernietiging van die natuur | 1 |
| 1.12 | Die skrywer ...<br>• fokus op die Bosmense wat vasgevang was in die skewe sirkel.<br>• beeld uit dat die Bosmense nie eintlik weet wie hulle is/waarom hulle doen wat hulle doen nie.<br>• lig uit dat die Bosmense magteloos was om te kan verander.<br>• fokus op die Bosmense wat nie 'n uitkoms uit hierdie omstandighede gehad het nie.<br>• herhaal die "julle" en die "jy" in hierdie gesprek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13 | • Saul het vir ses jaar in die Bos gedelf.<br>• Saul het in Swellendam gaan meubels maak.<br>• Saul het Barkley besoek en op die Pictor geklim.<br>• Saul het na Oupoot gaan soek om hom te skiet.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.14.1 | • By oom Martiens (Botha) se huis/skerm.<br>• In die bos waar oom Martiens en sy span hout gekap het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14.2 | Oom Martiens | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15.1 | ironies | 1 |
| 1.15.2 | • Dit was heeltemal teen wat die Bosmense geglo het.<br>• Oom Martiens het nou gedoen waaroor die Bosmense Saul verkwalik het.<br>• Oom Martiens het ook nou geglo soos Saul.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.16 | Oom Martiens het ...<br>• Saul nooit verkwalik oor Arend se dood nie.<br>• begrip getoon vir wat met Arend gebeur het.<br>• na sy gesprek met Arend teenoor Saul erken dat hy reg was oor baie dinge in die Bos.<br>• steeds aangebied om Saul te help. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Joram het ...<br>• Saul kwalik geneem oor Arend se dood.<br>• Saul beskuldig dat hy slegte verhoudings tussen die Bosmense veroorsaak het.<br>• baie negatief teenoor Saul opgetree.<br>• hard/ongenaakbaar opgetree. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.17.1 | B/'n Mens moet besef dat vooroordeel sekere groepe mense in sekere situasies uitsluit. | 1 |
| 1.17.2 | D/'n Mens moet dankbaar wees as iemand anders jou help om jou opvoeding te verbeter. | 1 |
| 1.17.3 | A/'n Mens moet besef dat mense dikwels leuens vertel om meer geld te maak. | 1 |
| 1.17.4 | E/'n Mens moet besef dat ander jou dikwels aanvaar net omdat jy geld het. | 1 |
| 1.18 | Oupoot ...<br>• was Saul se dier-broer.<br>• was altyd daar as Saul hom nodig gehad het.<br>• was altyd daar om Saul te beskerm.<br>• het in Saul se hartseer/swaar tye altyd aan hom verskyn.<br>• was die rede dat Saul terug in die bos was en uiteindelik kon vrede maak met almal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.1 | Ek dink dit gaan oor ...<br>• kringe/sirkels (wat iemand loop).<br>• 'n bos waarin kringe/sirkels geloop word.<br>• die figuurlike om te eindig waar jy begin het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19.2 | • Saul het sy lewe in die Bos begin en weer daar geëindig.<br>• Saul het Kate ontmoet, haar verloor en weer teruggekry.<br>• Saul het as houtkapper begin en weer as houtkoper in die houtbedryf geëindig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.19.3 | Saul ...<br>• het weer vir Kate in sy lewe gehad.<br>• en Maska kon weer saam wees.<br>• en Jozef het saam begin werk/se verhouding is herstel.<br>• kon die Bos teen uitwissing beskerm.<br>• kon die Bosmense help om 'n lewe te maak.<br>• kon sorg dat Oupoot die eer kry wat hy moes kry.<br>• was 'n ryk besigheidsman.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Kaapstad/Wes-Kaap/Kaap/Kaapprovinsie | 1 |
| | | |
| 2.1.2 | Beyers | 1 |
| | | |
| 2.1.3 | alter-ego/fiktiewe karakter | 1 |
| | | |
| 2.1.4 | vyftiende/15(de) | 1 |
| | | |
| 2.2 | • Margot het 'n rol/TV-rol gekry.<br>• Margot moes in 'n TV-program speel.<br>• Margot moes as aktrise in Johannesburg gaan werk.<br>• Margot sou gaskunstenaar/plaasvervanger in 'n plaaslike produksie/TV-reeks wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.3 | Yann en Amos het hulle ma ...<br>• na 'n lang tyd weer gesien.<br>• se moederlike kant ervaar.<br>• beter leer ken/toegelaat om die verhouding te herstel.<br>• se talente/werksomstandighede leer ken.<br>• geglo toe sy gesê het dat sy gou weer sou kom kuier.<br>• vergewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.4.1 | ironies | 1 |
| | | |
| 2.4.2 | Margot ...<br>• se bedoeling was nie om by die gesin te kom kuier nie.<br>• het eintlik gekom om te kom werk.<br>• se fokus was nie op haar kinders/gesin nie.<br>• het vir jare geen kontak met haar kinders gemaak<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.4.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 2.5.1 | geïrriteerd | 1 |
| | | |
| 2.5.2 | • Hulle het bedoel dat dit 'n gesinsvakansie moes wees.<br>• Hulle het nie beplan om ander mense daar te hê nie.<br>• Beyers wou nie uit sy eie vir Margot daar hê nie.<br>• Dit was eintlik Beyers en Mana se wittebrood; hulle kon besluit wie om te nooi.<br>• Beyers was met Margot getroud en het geweet hoe moeilik sy kon wees/dat sy nie tevrede sou wees met die geriewe op die berg nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.5.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 2.6 | Mana ...<br>• was tevrede met haar lewe.<br>• het nie 'n ophef van dinge gemaak nie.<br>• het kinders met hulle eie persoonlikhede aanvaar.<br>• het eenvoudige klere gedra.<br>• het nie voorgegee om te wees wie sy nie is nie.<br>• was betrokke by haar kinders se lewens. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Margot ...<br>• was dramaties.<br>• wou graag bedien word/was gemaksugtig.<br>• het nie haar kinders geken nie.<br>• se kleredrag was dramaties.<br>• was nie betrokke by haar kinders se lewens nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.7.1 | C/'n Mens moet die talente wat jy ontvang het, gebruik. | 1 |
| | | |
| 2.7.2 | E/'n Mens moet leer om jou nie aan ander mense se opinies oor mense te steur nie. | 1 |
| | | |
| 2.7.3 | B/'n Mens moet besef dat jou opinie oor jouself nie altyd is hoe ander mense jou sien nie. | 1 |
| | | |
| 2.7.4 | A/'n Mens moet besef dat geld nie geluk kan koop nie. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.8 | Ek sou ...<br>• nie so driftig/kwaad gewees het nie.<br>• aan die kinders se gevoelens oor die nuus gedink het.<br>• nie my kinders se ma onwelkom laat voel het nie.<br>• nie my eie ontevredenheid so hardop uitgespreek het nie.<br>• nie so 'n kras woord soos "blerrie" gebruik nie/vloek nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.9 | • Gavin het almal saam konsert laat hou.<br>• Margot het vir die gesin hulle Tarot-kaarte gelees.<br>• Die hele gesin het met Ditjie se geboorte gehelp.<br>• Sharon se pa het 'n helikopter gereël.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 2.10 | Dit dui op opgewondenheid/inspirasie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.11.1 | Metafoor | 1 |
| | | |
| 2.11.2 | • Margot het opgetree asof sy 'n koningin is.<br>• Margot wou soos 'n koningin behandel word.<br>• Margot wou graag bedien word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.11.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.11.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 2.12.1 | • Botterberg<br>• Die vakansieplek/vakansiehuis/huis op die berg<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.12.2 | Yann | 1 |
| | | |
| 2.13 | D/sy het net gefokus op die dinge wat verkeerd was. | 1 |
| | | |
| 2.14 | • Hanna het gesê sy sal haar sussie beskerm.<br>• Hanna was opgewonde oor die sussie.<br>• Vir Hanna was sy een van die mooiste goed wat sy nog gesien het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.15 | B/aanvaarding van jou eie gesinslewe. | 1 |
| | | |
| 2.16 | • Die andersheid/uniekheid van haar ouers.<br>• Hanna se ontevredenheid met haar lewe.<br>• Die ongeloof dat jou ouers so anders as ander ouers is.<br>• 'n Tiener wat skaam kry oor ouers soos hare.<br>• Dit is simbolies van haar ingewikkelde gesinslewe/dat sy haar ingewikkelde gesin aanvaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.17 | Gavin het ...<br>• nooit gekla oor die omstandighede op die berg nie.<br>• met min geriewe en kos vir Hanna 'n verjaarsdagete gemaak.<br>• gewys dat hy bereid was om sy dogter se persoonlikheid te aanvaar.<br>• aktiwiteite gereël om almal te betrek.<br>• vrolikheid probeer skep.<br>• aangebied om by die kinders te bly terwyl die ander volwassenes vertrek.<br>• elke moeilike situasie ligter probeer maak.<br>• selfs die moeilike Margot gehelp.<br>• gewys dat jy aan jou verhouding met jou kinders moet werk/dit moet verbeter.<br>• gewys dat grootmense ook pret kan hê/laf kan wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.18 | Die skrywer ...<br>• fokus op Hanna se siening oor almal in haar lewe.<br>• beeld uit dat Hanna elkeen se rol in haar lewe erken.<br>• noem dat Hanna gesê het dat sy vir altyd klaar met Fabienne was.<br>• lig uit dat Hanna haarself en haar lewe aanvaar het.<br>• gebruik skuinsdruk om die fokus op Hanna se besluit te plaas.<br>• gebruik dit as die slotwoorde wat die kern van die roman saamvat.<br>• noem die titel van Hanna se boek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.19.1 | Ek dink dit gaan oor 'n karakter ...<br>• met die naam Hanna.<br>• wat baie vrae vra.<br>• wat dinge ervaar wat amper te goed is om waar te wees/wat moeilik is om te glo.<br>• wie se lewe vol interessante ervaringe/avonture is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.19.2 | • Die hele geboorte was anders as die gewone/ongelooflik/ onverwags/'n avontuur.<br>• Die dramatiese Margot het die leiding met die geboorte geneem.<br>• Hanna was Margot se assistent tydens die gebeure.<br>• Die baba het nie klere gehad nie.<br>• Mana was glad nie voorbereid vir die baba se koms nie.<br>• Daar was glad nie 'n hospitaal of dokter naby tydens die geboorte nie.<br>• Die baba het bont klere/waslappe aangehad.<br>• 'n Helikopter moes ma en baba kom haal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.19.3 | • Mana se gesin het mekaar leer ken/aanvaar.<br>• Mana en haar gesin het dinge saam gedoen.<br>• Mana wou gehad het die fokus moet op die gesin wees.<br>• Mana het hulle laat besef dat 'n aangelapte gesin een kan word.<br>• Die babatjie se geboorte op die berg het almal geleer om saam te werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Ronnie | 1 |
| 3.1.2 | drie/3 | 1 |
| 3.1.3 | Salamanderbaai | 1 |
| 3.1.4 | ongemaklik/onwelkom/ongelukkig/hartseer/verward/vererg | 1 |
| 3.2.1 | Meeuland/Ryna se huis op Meeuland<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.2.2 | Ryna (van Rensburg) | 1 |
| 3.3 | • Die baba se ma is dood.<br>• Die baba moes sonder 'n ma grootword.<br>• Die kind is in 'n bruin sak op Meeuland ingesmokkel.<br>• Die baba se toekoms was onseker.<br>• Die baba het nie van kleins af geweet wie haar regte pa is nie.<br>• Die baba is omgeruil en het 'n nuwe ma gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.4 | A/mekaar in tye van nood moet help. | 1 |
| 3.5 | Ousanna ...<br>• kon in die toekoms sien/was heldersiende.<br>• kon hartseer dinge sien voordat dit gebeur.<br>• kon dinge voorspel/dinge sien wat gaan gebeur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6 | Ek sou ...<br>• eers na Jannerik geluister het.<br>• besef het dat Jannerik nog in skok was.<br>• empatie gewys het.<br>• eers aan Jannerik/die baba gedink het.<br>• gehelp het om 'n ander plan te maak.<br>• besef het dat Jannerik nie 'n ander keuse gehad het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.7 | • Kinnie het vir Fred van die baba gaan vertel.<br>• Kinnie was by Fred se huis en sy vrou, Sheila, het uitgevind van die baba.<br>• Skalla het die gesprek afgeluister en hy het van Fred en Kinnie se baba geweet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.8 | Jacob ...<br>• was moedeloos/na aan breekpunt.<br>• het net probleme gesien.<br>• het geglo dat daar nie hulp sal kom nie.<br>• was kleingelowig.<br>• het heen en weer gehardloop. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Jannerik ...<br>• was rustig/kalm.<br>• het geglo dat die Here sou voorsien.<br>• het vir Jacob moed ingepraat.<br>• het alles gedoen wat hy moes doen.<br>• het 'n gat gegrawe om Elsabet se baba te begrawe. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.9.1 | C/'n Mens moet nooit glo dat jy iemand anders ten volle kan ken nie. | 1 |
| | | |
| 3.9.2 | E/'n Mens moet altyd daar wees vir die mense wat jy liefhet. | 1 |
| | | |
| 3.9.3 | B/'n Mens moet besef dat die waarheid jou vrymaak. | 1 |
| | | |
| 3.9.4 | A/'n Mens moet respek hê vir die huwelik. | 1 |
| | | |
| 3.10 | • Ryna is Kaap toe vir haar boekbekendstelling.<br>• Elsabet het op die *Sheila's Song 2* in 'n storm beland.<br>• Attie het werk op 'n diamantboot gekry.<br>• Jacob is tronk toe gestuur.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 3.11.1 | sy dreigement sou uitvoer | 1 |
| | | |
| 3.11.2 | • Jacob het na Skalla gesoek tot hy hom gekry het.<br>• Jacob het gedoen wat hy gesê het hy gaan doen.<br>• Jacob het Skalla doodgesteek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.11.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.11.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.12.1 | Metafoor | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.12.2 | • Jacob het pyn beleef oor Janka wat beseer is.<br>• Jacob wou soos 'n gekweste dier aanval.<br>• Jacob se emosionele pyn het hom seergemaak.<br>• Jacob het nie geweet wat om met hierdie pyn te maak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.13 | Dit is simbolies van die ...<br>• ou haat/jarelange haat tussen hulle.<br>• hartseer/onreg/seer wat Skalla al in Jacob se lewe veroorsaak het.<br>• dinge wat nog nooit vergewe is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.14 | Dit verwys na ...<br>• al die bloed wat daardie aand gevloei het.<br>• die skietongeluk.<br>• iets moois wat lelik geword het.<br>• iets wat vreugde/vrede moes bring, maar toe hartseer/ konflik gebring het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.15.1 | ironies | 1 |
| | | |
| 3.15.2 | • Fred was Janka se pa sonder dat hy dit geweet het.<br>• Fred se broer het Fred se kind geskiet.<br>• Fred was indirek verantwoordelik vir Janka se dilemma.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.16 | C/Fred het die reg gehad om te weet dat Janka sy kind was. | 1 |
| | | |
| 3.17 | Daniel ...<br>• was jonk, maar het vinnig reageer/die leiding geneem.<br>• het sy eie lewe in gevaar gestel om Janka te help.<br>• het dadelik besef dat Janka hulp nodig het/uit die gevaarsone geneem moet word.<br>• het Janka instinktief beskerm.<br>• het nie tydens die skietvoorval gevries (soos mens van 'n kind sou verwag) nie.<br>• het prakties gedink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.18 | Die skrywer ...<br>• gebruik kort sinne.<br>• noem op wat elkeen doen sonder om opdragte uit te deel.<br>• gebruik spanningswoorde/dramatiese woorde, bv. bloedbevlekte, wond, bewustelose, geveg om Janka se lewe, ens.<br>• laat elke karakter 'n rol speel om die krisis te kan hanteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.19.1 | Ek dink dit gaan oor ...<br>• 'n plek met die naam Meeuland.<br>• mense wat op Meeuland bly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.19.2 | Ryna ...<br>• kon 'n tweede kans/tweede keer liefde kry.<br>• kon genees.<br>• het weer 'n kind in haar lewe gehad (om te versorg).<br>• het lewenslesse by Jannerik geleer.<br>• het wonderlike mense ontmoet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.19.3 | Jannerik ...<br>• kon by Ryna en Janka bly.<br>• was versorg.<br>• het 'n nuwe huis weg van Meeuland af gekry.<br>• kon weer in sy familiehuis woon.<br>• was naby aan sy familie.<br>• kon Ryna ondersteun terwyl Jacob in die tronk was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | gesteel/verduister/gewas/gevat | 1 |
| | | |
| 4.1.2 | Jakaranda | 1 |
| | | |
| 4.1.3 | Wouter | 1 |
| | | |
| 4.1.4 | geld/inkomste | 1 |
| | | |
| 4.2 | Sally bedoel dat ...<br>• Lien rustig moet raak.<br>• dit nie nodig is dat Lien haar vererg/kwaad word nie.<br>• Lien nie so senuweeagtig/ernstig moet wees nie.<br>• Lien nie moet oorreageer/stres/so ‘n vloermoer/*tantrum* moet gooi nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.3 | • Hier het Sally ...<br>○ Lien eintlik geïgnoreer.<br>○ weggestap.<br>○ nie regtig met Lien gepraat nie.<br>○ afknouerig opgetree.<br>○ nie omgegee nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>• Later het Sally ...<br>○ met Lien oor haar ma se probleem gepraat.<br>○ vir Lien raad gegee.<br>○ dinge uit haar eie lewe/haar lewenservaringe met Lien gedeel/met Lien geïdentifiseer.<br>○ simpatiek/vol begrip teenoor Lien opgetree.<br>○ omgegee nadat sy Lien se ma dronk by die skool sien opdaag het.<br>• Hier het Sally negatief opgetree/nie van Lien gehou nie, maar later was Sally positief teenoor Lien.<br>• Hier is Sally onvriendelik met Lien en later is Sally vriendelik(er) teenoor Lien. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Binne die konteks van die hele situasie kan die antwoord dui op wat Sally doen én dink.)* | 2 |
| | | |
| 4.4.1 | ironies | 1 |
| | | |
| 4.4.2 | Dit is ironies, want Lien ...<br>• is op soveel ander vlakke 'n leier/neem leiding.<br>• het gesorg dat daar geld/kos in die huis is/die gesin onderhou/die rol van ma vertolk.<br>• het 'n borg vir Braam se krieketspan gereël.<br>• het die leiding geneem toe Tibbey in die hospitaal beland het en daarna.<br>• het 'n rol in die drama gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.4..2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.5 | B/sy was bang die waarheid oor haar pa kom uit. | 1 |
| | | |
| 4.6 | • Miemie wou (meer) inligting kry/navorsing doen (vir die LO-taak) oor wat die werk van 'n prokureur behels.<br>• Miemie wou die prokureur bel, want hulle het 'n taak oor hul toekomstige beroepe gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.7 | Lien het ...<br>• begin dink oor haar toekoms/besluite vir haar toekoms geneem.<br>• toe besluit sy wil nie regtig 'n prokureur word nie/nie meer Regte studeer nie.<br>• besef sy sou nie by die universiteit inpas nie.<br>• 'n droom gehad om te reis.<br>• besluit sy wou "weg" wees.<br>• vir Miemie en Hein leer ken.<br>• in 'n groep saam met ander leerders gewerk.<br>• geforseerd gevoel om nuwe vriende te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.8.1 | C/'n Mens moet uitspring en self dinge doen. | 1 |
| | | |
| 4.8.2 | D/'n Mens moet ander se hulp waardeer. | 1 |
| | | |
| 4.8.3 | E/'n Mens moet besef dat baie geld nie beteken dat jy gelukkig is nie. | 1 |
| | | |
| 4.8.4 | A/'n Mens moet die geleenthede wat oor jou pad kom, goed gebruik. | 1 |
| | | |
| 4.9 | • Ek sou Sally haar deel laat doen het.<br>• Ek sou seker gemaak het sy kry ook 'n opdrag vir huiswerk.<br>• Ek sou aan die onderwyser rapporteer dat Sally nie wil saamwerk nie.<br>• Ek sou meer moeite met Sally gedoen het voordat ek haar afgeskryf het.<br>• Ek sou Sally saam met Hein 'n deel van die taak laat doen het, want sy hou van seuns.<br>• Ek sou Sally gelos het, maar seker gemaak het dat sy nie punte vir die taak kry nie.<br>• Ek sou Sally gekonfronteer het/eenkant toe geroep en probeer motiveer het/oorreed het om saam te werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.10 | Lien het ...<br>• name gegee nog voordat sy die mense leer ken het/ bevooroordeeld opgetree.<br>• nie moeite gedoen om die mense eers te leer ken nie.<br>• krities na almal om haar gekyk/byname op mense se voorkoms baseer.<br>• toegelaat dat haar eie negatiewe omstandighede haar krities teenoor ander gemaak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.11 | • Lien het gesien hoe 'n vrou by Pick-n-Pay bedel.<br>• Lien het 'n pruik en 'n brilletjie geleen.<br>• Roos het vir Lien goeie raad gegee oor hoe om te bedel.<br>• Lien het vir haar gemaklike skoene gaan koop.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.12.1 | • Die hoek waar Lien gestaan en bedel het.<br>• Die spesifieke robot/plek waar sy gebedel/geld gevra het.<br>• Die hoek naby die winkelsentrum/die verkeerslig by die winkelsentrum.<br>• Johnny se vorige bedelplek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.12.2 | (Na) Tibbey | 1 |
| | | |
| 4.13.1 | Herhaling/Repetisie | 1 |
| | | |
| 4.13.2 | Lien ...<br>• is seker van haar saak/gelukkig oor Tibbey.<br>• is opgewonde oor Tibbey wat weer werk.<br>• wil vir Hein wys dat hulle plan gewerk het.<br>• wil haar opgewondenheid met iemand deel.<br>• is opgewonde dat Tibbey se lewe weer sal regkom/op sy eie sal regkom.<br>• is trots op Tibbey/bly dat hy weer met sy lewe aangaan.<br>• gee bevestiging dat Tibbey sal herstel/gesond word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.13.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.14.1 | die mense bly was om Tibbey weer te sien. | 1 |
| | | |
| 4.14.2 | • Tibbey het nog altyd 'n atmosfeer van vrolikheid geskep.<br>• Die mense het van Tibbey/die dinge wat hy doen/sê gehou.<br>• Tibbey het mense se dag opgevrolik/laat lag.<br>• Tibbey het vir mense gewys dat jy dit wat jy doen, moet geniet.<br>• Die mense toet/waai vir hom/vra hoe dit gaan.<br>• Die mense het na Tibbey verlang (omdat hy so lank weg was)./Die robot was stil sonder Tibbey.<br>• Tibbey was die *entertainment* van die *entertainment corner*.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.14.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.14.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.15 | Lien het ...<br>• hulle na die skool se konsert toe genooi.<br>• by die konsert voor haar vriende met hulle gesels.<br>• vir Hein van haar bedelaarsvriende vertel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.16 | • Tibbey ...<br>  ○ kon weer geld verdien/werk/bedel.<br>  ○ kon self oor die weg kom.<br>  ○ het sy onafhanklikheid teruggekry/kon weer hoop/gelukkig wees.<br>  ○ kon weer deel wees van dit wat hy (voor die ongeluk) geken het/kon aangaan met sy lewe.<br>  ○ het 'n tweede kans gekry.<br>• Daar is altyd 'n oplossing vir jou probleme.<br>• Dit het gewys dat daar mense is wat vir hom omgee/ware vriende is.<br>• Dit is 'n simbool dat hy nie sy lewe verloor het nie, net sy bene.<br>• Die karretjie was nou sy bene.<br>• Mense sou hom jammer kry en dan meer geld gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.17 | D/ondersteuning | 1 |
| | | |
| 4.18 | Die skrywer ...<br>• noem verskeie dinge wat Tibbey doen om te wys dat hy sy werk geniet, bv. hy maak grappies/dans/vermaak die mense.<br>• slaag daarin om die vrolike atmosfeer rondom Tibbey uit te beeld.<br>• skets Tibbey as 'n positiewe karakter, bv. *I can do it*, sy oë wat blink, hy waardeer/erken Lien se vriendskap.<br>• wys dat sy positiewe houding teenoor die Blou Bulle aansteeklik/vermaaklik is.<br>• wys dat Tibbey sy bedelwerk ernstig opneem/selfs 'n Blou Bulvlag en -pet het/sy vlag/die Bloubulvlag waai asof sy lewe daarvan afhang.<br>• beklemtoon dat hy nie hulp soek nie, al sukkel hy.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.19.1 | Ek dink ...<br>• dit gaan oor iemand wie se naam Lien is/dat Lien die hoofkarakter is.<br>• dat skoene 'n rol in die roman speel.<br>• dat die skoene aan Lien behoort.<br>• dat daar 'n spesifieke rede moet wees waarom die skoene lankstaanskoene is.<br>• die roman gaan oor Lien se lankstaanskoene.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.19.2 | • Lien moes skoene dra waarin sy vir lang ure kon staan en bedel.<br>• Lien het vir haar gemaklike skoene gekoop om te bedel.<br>• Lien het lank gestaan en bedel/nie moed opgegee nie.<br>• Lien was 'n bedelaar.<br>• Figuurlike betekenis: sy moes opofferinge maak/ deursettingsvermoë hê om te doen wat sy gedoen het. Verwys na die moeilike omstandighede waaronder sy moes werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.19.3 | Christien Jooste ...<br>• is nie meer in die kliniek nie/gerehabiliteer/het opgehou drink.<br>• was weer soos aan die begin die ma van die gesin/sou weer omsien na haar gesin.<br>• het weer klavier gespeel voor mense.<br>• was netjies aangetrek.<br>• het 'n moontlikheid van werk gehad.<br>• se man/Lien se pa was uit die tronk.<br>• het 'n nuwe haarstyl gehad.<br>• het gelukkig/oopmond gelag.<br>• en haar gesin was gelukkig saam.<br>• se gesin het haar vergewe/familie-eenheid is herstel.<br>• het 'n geel blom in haar hare op die video.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 5: *POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Ciskei/Kafferland/Herschel | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | Bonsile | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | extensions/verlenging(s)/wet/verpligting | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | 1960 | 1 |
| | | |
| 5.2.1 | ironies | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | • Dit het baie probleme vir die gemeenskap veroorsaak.<br>• Dit het vir baie mense baie moeilikheid gebring.<br>• Dit het party mense se dood veroorsaak.<br>• Party mense het in die tronk beland.<br>• Daar was konflik/moeilikheid/botsing met die polisie/opstande in die lokasie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.2.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.2.2 te verdien.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.3 | Poppie het ...<br>• gevoel dit is die kontrak wat jy vat as jy geen ander werk kry nie.<br>• gevoel dit is moeilike werk.<br>• geweet die mense word siek van daardie werk (hulle vingers swel op en ook hulle kliere onder hulle arms).<br>• gevoel hy gaan homself verniel met hierdie werk.<br>• negatief gevoel oor Stone se werk. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Stone het ...<br>• gevoel dit is naby die huis/hy kon soontoe loop.<br>• gesê dat hy vyfuur terug is by die huis.<br>• besef dat hy 'n erf sal kry/'n huis sal kan bou/vir sy gesin sal kan sorg.<br>• positief oor die werk gevoel. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.4 | • Stone is dood.<br>• Poppie en haar kinders moes sy dood verwerk.<br>• Poppie moes alleen aangaan.<br>• Poppie moes haar dogters na haar skoonouers toe stuur.<br>• Poppie moes nou in die Kaap gaan werk vir haar kinders.<br>• Poppie moes hom gaan besoek tydens sy uitgerekte siekte.<br>• Dit was vir Poppie moeilik om vir hom te gaan kuier tydens sy lang siekte.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.5 | • Poppie was nie meer beskerm deur Mama se huiskaart nie.<br>• As jy nie die regte papiere het nie, kan hulle met jou maak wat hulle wil.<br>• As hulle/polisie/witmense jou sonder jou papiere vang, kon hulle jou arresteer.<br>• Hulle kon Poppie Ciskei toe stuur, (want sy was met 'n man van Ciskei getroud).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.6 | B/geweet wat die regte ding was om te doen nie. | 1 |
| | | |
| 5.7 | • Vryheid van beweging<br>• Die reg was aan hulle kant./Hulle sou nie in die tronk beland nie.<br>• Hulle kon geld verdien.<br>• Hulle kon vir hulle gesinne sorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.8.1 | D/'n Mens wil graag in moeilike situasies op jou familie kan staatmaak. | 1 |
| | | |
| 5.8.2 | E/'n Mens kry nie altyd die geleentheid om jou potensiaal te ontwikkel nie. | 1 |
| | | |
| 5.8.3 | B/'n Mens moet soms baie dinge opoffer om die beste vir jou gesin te kan gee. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.8.4 | A/'n Mens moet leer om te vergewe. | 1 |
| | | |
| 5.9 | Ek sou ...<br>• in my huis gebly het.<br>• nie gaan water haal het nie.<br>• die polisie se opdragte nagekom het.<br>• seker gemaak het dat ek veilig is.<br>• Ciskei toe gegaan het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.10 | Poppie het ...<br>• haar siek man versorg.<br>• by haar kinders gebly.<br>• nie aan die *strikes* gaan deelneem nie.<br>• nie vergaderings oor die *strikes* bygewoon nie.<br>• by die huis gebly.<br>• haar broer probeer waarsku oor die gevolge van die *strikes*.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.11 | • Bonsile het 'n meisie swanger gemaak.<br>• Poppie het haar dogters Herschel toe gestuur.<br>• Die *city-borners* en die *migrants* het met mekaar baklei.<br>• Jakkie het moeilikheid met die polisie gehad.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 5.12.1 | • By Mama se huis<br>• In Nyanga<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.12.2 | Hieroor verwys na Poppie ...<br>• wat nie meer beheer het oor situasies nie.<br>• se hartseer oor die kinders/Jakkie se optrede/besluite.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.13.1 | aanvaar wat gebeur het | 1 |
| | | |
| 5.13.2 | Poppie ...<br>• sê sy het nie moeilikheid gaan soek nie.<br>• sê die Here se wil moet geskied.<br>• besef haar kinders moet nou self verantwoordelikheid aanvaar.<br>• het nou dinge in haar kinders se hande oorgegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.13.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 5.14 | Poppie wonder wanneer sy ...<br>• weg van die Here af beweeg het.<br>• teen die wil van die Here opgetree het.<br>• die Here nie vertrou het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.15.1 | • Inversie<br>• Retoriese vraag<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.15.2 | Inversie:<br>• Dit wys dat die Here se wil geskied.<br>• Beklemtoon die sinsdeel/frase: "dit waarvoor hul gebore is".<br>Retoriese vraag:<br>• Dit beklemtoon Poppie se aanvaarding/gelatenheid.<br>• Dit is asof Poppie haarself wil troos/moed inpraat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.16 | • Jakkie het reeds oor die grens gevlug/was reeds Basoetoeland toe.<br>• Hoedjie en Mosie het vir Poppie kom verduidelik wat gebeur het.<br>• Poppie het nooit weer vir Jakkie gesien nie.<br>• Die polisie het steeds na Jakkie gesoek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.17 | D/geloof | 1 |
| 5.18 | Ek voel simpatie vir Poppie, want die dramaturg ...<br>• skets die sterk vrou wat nou net haar lot moet aanvaar.<br>• gebruik woorde soos "oor alles het ek gekom maar nou het ek geleer hieroor kan ek nie kom nie"/"dis nou uit my hande"/"dis nou oorgegee".<br>• skep die neweteks waar dit vir haar voel asof sy huil, maar sy huil nie.<br>• laat Poppie magteloos voorkom.<br>• laat Poppie terneergedruk klink.<br>• sê sy is onskuldig ingesleep in die moeilikheid/het nie moeilikheid gesoek nie.<br>• laat Poppie met die Here (oor haar swaarkry) praat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19.1 | Ek dink die titel van die drama ...<br>• verwys na 'n karakter met die naam Poppie.<br>• verwys na die hoofkarakter, Poppie/'n vrou.<br>• verwys na die drama as genre.<br>• gaan oor die drama in die karakters se lewens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19.2 | Jy leer Poppie ken ...<br>• deur al die moeilikheid/probleme/drama in haar lewe tot en met haar aanvaarding.<br>• as ma wat alles vir haar gesin sou doen.<br>• as iemand wat altyd probeer het om die regte ding te doen.<br>• as 'n sterk vrou wat met baie swaarkry nie opgegee het nie.<br>• as 'n hardwerkende/eerlike/regverdige/streng/onselfsugtige vrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.19.3 | • Poppie het vrede gemaak met dit waaraan sy niks kon verander nie.<br>• Poppie het gehoop dat haar kinders die regte keuses sou maak.<br>• Poppie het aanvaarding beleef.<br>• Haar kinders sou veilig wees, want die polisie sou hul laat gaan as hulle sien die kinders weet niks van Jakkie af nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1.1 | sirkus/trein/kombi | 1 |
| 6.1.2 | Oudokter/die dokter (op die dorp) | 1 |
| 6.1.3 | veld/bo-op die windpomp/tussen die kafbale/in die koringlande | 1 |
| 6.1.4 | toertjies | 1 |
| 6.2 | • Hendrik en Katrien/Sy pa en ma/Sy ouers het (langs die pad oor die oorkrabbertjies) baklei.<br>• Sy ouers was nie gelukkig nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | • Hendrik het dorp toe gery en die polisie gaan sê die kind was weg.<br>• Hulle kon nie slaap nie./Katrien wou nie gaan slaap nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.4 | D/daar altyd ander mans was wat baie aandag aan Katrien gegee het. | 1 |
| 6.5.1 | ironies | 1 |
| 6.5.2 | Die dag toe Manuel moes afskeid neem van die McDonalds het hy nie gepraat nie/was hy aangedaan/het hy gehuil.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.6 | Hendrik ...<br>• was ongeduldig/geïrriteerd met Willem.<br>• het dit probeer reg raas.<br>• het Willem gedwing om te praat.<br>• het nie Willem se probleem verstaan nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Manuel ...<br>• was geduldig met Willem/het sag met Willem gepraat.<br>• het Willem nie aangepor/gedwing om te praat nie.<br>• het ander metodes gebruik om met Willem te kommunikeer.<br>• het verstaan as Willem nie wou praat nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.7 | Willem het ...<br>• weer gepraat.<br>• sy plek in sy gesin gevind.<br>• selfvertroue gehad/was nie meer bang nie/was nie meer so gespanne nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.8.1 | D/'n Mens se persoonlike probleme het 'n nadelige invloed op jou werk. | 1 |
| 6.8.2 | E/'n Mens wil graag waardeer word. | 1 |
| 6.8.3 | A/'n Mens is bang om dieselfde foute te begaan. | 1 |
| 6.8.4 | C/'n Mens moet aanhou probeer om te kry wat jy wil hê. | 1 |
| 6.9 | Ek sou ...<br>• in my kamer gaan slaap het.<br>• vir my ouers/Emma laat weet het ek is by die huis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | Manuel het ...<br>• vir Willem gesê/hom mooi gevra om huis toe te gaan.<br>• vir Willem vertel dat sy ouers bekommerd oor hom gaan wees.<br>• vir Willem gesê dat hy saam met hom sou stap as hy bang was.<br>• Willem verseker dat hulle die volgende dag weer sou speel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.11 | • Manuel is uit die kerk gejaag.<br>• Jan Mol het vir Manuel raakgeskiet.<br>• Hendrik het Manuel se leersak reggemaak.<br>• Manuel het besluit om terug te gaan sirkus toe.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.12.1 | • (Op) Hendrik-hulle se werf<br>• Buite Hendrik-hulle se huis<br>• By die stasiehuis<br>• Toorwater<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.12.2 | • Die ander mense by die Volstruisdans.<br>• Die mense wat hulle met tamaties en eiers gegooi het./Die tamatiegooiers.<br>• Jan Mol en 'n paar jong knape/manne wat klippe agter die motor aan gegooi het.<br>• Die mense wat hulle nie by die Volstruisdans wou gehad het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.13.1 | nie weet wat om van die mense te verwag nie. | 1 |
| | | |
| 6.13.2 | Hendrik was ...<br>• nie seker waarom die mense daar op sy werf was nie/wat hulle kom doen het nie.<br>• bang dat hulle nog verder kom moeilikheid soek het.<br>• nie gewoond daaraan dat hierdie mense na sy huis toe kom nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.13.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 6.14 | • Die dans was bederf.<br>• Niemand wou verder dans nie.<br>• Die dans was 'n mislukking.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.15.1 | Herhaling/Repetisie | 1 |
| | | |
| 6.15.2 | Hendrik het ...<br>• hulle in sy huis in genooi.<br>• gewys dat hy gasvry is.<br>• gewys dat hy nie kwade gevoelens koester nie.<br>• gewys dat hy bereid was om hulle te vergewe.<br>• gewys dat hy daarvan hou om saam met mense te kuier.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 6.16 | Willem het ...<br>• sy toertjies vir die mense gaan wys.<br>• uitgegaan op die stoep waar al die ander mense was.<br>• gekyk hoe sy pa en ma dans.<br>• op die stoepmuurtjie gesit.<br>• op die werf gestap.<br>• later op die windpomp gaan sit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.17 | B/vergifnis | 1 |
| | | |
| 6.18 | Die dramaturg ...<br>• skep 'n vrolike atmosfeer tussen al die mense.<br>• gebruik woorde wat op vrolikheid dui, bv. "musiek", "gelag" en "gedruis van stemme".<br>• skep 'n atmosfeer van samesyn/vreugde/vrede tussen die mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die andersheid moet duidelik blyk.)* | 1 |
| | | |
| 6.19.1 | Ek dink die drama ...<br>• het iets te doen met toordery.<br>• gaan oor dinge wat met toordery verband hou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.19.2 | Ouderling Bothma en Sakkie het besef dat ...<br>• anders nie noodwendig verkeerd is nie.<br>• hulle mense (eers) moet leer ken voordat hulle hulle oordeel.<br>• jy verskoning behoort te vra wanneer jy verkeerd was.<br>• jy nie gemanipuleer moet word om soos ander te glo nie, bv. Jan Mol en die dominee.<br>• Hendrik en sy gesin anders was en het hulle so aanvaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.19.3 | Hendrik en Katrien het ...<br>• vrede gemaak met mekaar.<br>• met mekaar gesels/mooi dinge vir mekaar gesê.<br>• romanties teenoor mekaar opgetree, bv. saamgedans, in mekaar se oor gefluister.<br>• weer fisiese kontak met mekaar gehad, bv. hy het haar 'n drukkie gegee.<br>• saamgestaan en dinge saam gedoen, bv. die gaste saam onthaal.<br>• nou gelukkige kinders gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Knysna | 1 |
| | | |
| 7.1.2 | sensusmanne/manne wat die mense tel | 1 |
| | | |
| 7.1.3 | drie/3 | 1 |
| | | |
| 7.1.4 | blou | 1 |
| | | |
| 7.2 | • Nina was bang vir die moeilikheid wat sou kom.<br>• Nina was bang haar pa gaan haar bottels vat/gaan uitvind van haar speelplek in die bos.<br>• Nina het geweet dat sy party van die bottels gesteel het.<br>• Nina het nie gedink enige iemand sou haar geheim verstaan nie.<br>• Nina het nie ander mense vertrou nie.<br>• Nina het net vir Lukas vertrou.<br>• Nina het nie werklik vriende/iemand gehad om geheime mee te deel nie.<br>• Nina se broers was nie haar vriende nie./Lukas was haar enigste vriend.<br>• Dit was te spesiaal vir haar.<br>• Dit was haar ontvlugting van Elias se mishandeling/slegte omstandighede/haar "geheim" in die bos waar sy veilig gevoel het. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.3.1 | ironies | 1 |
| 7.3.2 | • Nina se woorde wys dat sy die mooi/positiewe raaksien/aandag gee aan die geluide/mooiheid van die voëls.<br>• Nina het nooit werklik na mense geluister nie, maar na die voëls/die bos.<br>• Nina het verwag dat Lukas, wat 'n plaaskind is, moes weet van bosgeluide.<br>• Nina het nie daarvan gehou dat Elias lelik/ongeskik met haar was nie, maar nou is sy lelik/ongeskik teenoor Lukas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.3.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.3.2 te verdien.)* | 1 |
| 7.4 | • Elias het hom gaan soek.<br>• Elias het hom geslaan.<br>• Elias het Lukas harder laat werk.<br>• Elias het Lukas gedwing om hom pa te noem/die gesin se name te noem/sy nuwe identiteit as Lukas van Rooyen te aanvaar.<br>• Dit het sy verhouding met Elias nog slegter gemaak.<br>• Hy was vir jare blootgestel aan 'n lewe van armoede/ mishandeling/liefdeloosheid.<br>• Hy was nog banger vir Elias.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.5 | Ek sou ...<br>• gewag het totdat Fiela gekom het.<br>• meer geduld gehad het.<br>• met die boswagter gepraat het as hy weer gekom het.<br>• probeer het om met Nina maats te maak.<br>• probeer inpas, want ek is nog net 'n kind.<br>• vriende maak/by van die ander mense in die Bos/omgewing gaan hulp soek het/die Bos beter leer ken het.<br>• met Barta gepraat het om my te probeer help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6.1 | D/'n Mens onthou die liefde en beskerming wat jy as kind ervaar. | 1 |
| 7.6.2 | C/'n Mens probeer dikwels om die verkeerde dinge wat jy gedoen het, met beter dinge reg te maak. | 1 |
| 7.6.3 | E/'n Mens se opvoeding bepaal jou optrede teenoor ander mense. | 1 |
| 7.6.4 | A/'n Mens moet soms seker maak dat jy is wie jy dink jy is. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.7 | Fiela het vir Benjamin geleer dat ...<br>• almal in die gesin saam werk.<br>• daar nie tyd is vir kansvatters nie.<br>• jy eers moet werk voordat jy eet/speel.<br>• daar toesig oor werk gehou word.<br>• jy hard moet werk vir jou besittings/harde werk belangrik is. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Nina het ...<br>• net die werk gedoen omdat sy verplig was.<br>• elke geleentheid gebruik om nie haar werk te doen nie.<br>• geweet haar ma gee nie om waar sy is/wat sy doen nie.<br>• geleer dat haar ma altyd vir haar verskonings maak as sy nie werk nie.<br>• geleer dat grootmense lui/skelm kan wees/toelaat dat kinders hulle harde werk moet doen.<br>• geleer dat grootmense geld op oneerlike maniere maak.<br>• geen voorbeeld van harde werk gehad nie.<br>• geweet sy gaan in die dorp werk en die geld moes na Elias toe gaan.<br>• by Elias geleer dat 'n mens 'n plan moet hê, maar jy wag vir geluk om jou plan uit te voer.<br>• 'n negatiewe ervaring van werk gehad, want Elias was wreed t.o.v. die take wat hy van die kinders verwag het, (bv. balke maak en bas afkap). ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 7.8 | C/het gevoel dat sy misbruik word. | 1 |
| | | |
| 7.9 | • Vir Lukas was dit ere-geld.<br>• Lukas kon met hierdie geld bewys dat hy nie arm grootgeword het nie/hulle nie kaalgatte was nie.<br>• Die vyf sjielings simboliseer Fiela se omgee/opvoeding.<br>• Dit herinner hom aan die Komoeties se swaarverdiende geld waarmee hulle hom vertrou het.<br>• Dit was 'n simbool van hoop vir Lukas, want dit kon vir hom die pad uit die bos "koop"/die pad na vryheid verseker/hom help om weer by die Komoeties uit te kom.<br>• Dit het hom hoop gegee dat hy Fiela weer sal sien.<br>• Dit was vir Lukas 'n simbool van vryheid/uitkoms.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.10 | Nina ...<br>• het vir Lukas kos/'n patat aangebied om te eet.<br>• het Lukas teen Elias/sy wreedheid gewaarsku.<br>• wou met hom maats maak.<br>• wou mooi dinge/haar geheim met hom deel.<br>• het aanhou gesels al was Lukas kortaf.<br>• wou hom help/het hom gehelp om die pad uit die Bos te vind.<br>• het hom met haar geheim vertrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.11 | • Lukas het die spookskip by Noetzie gesien.<br>• Lukas het finaal besluit om nie terug te gaan Bos toe nie.<br>• Lukas is Wolwekraal toe om met Fiela oor Nina te praat.<br>• Lukas het by Barta gehoor dat hy nie Lukas van Rooyen is nie.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 7.12.1 | • In Knysna/die dorp<br>• Waar Lukas voorheen gewerk het<br>• By die see<br>• John Benn se werksplek/die koppe/by die vlagpaal met die klipbankie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.12.2 | • Die Komoeties<br>• Fiela en Selling<br>• Wolwekraal se mense (Fiela, Selling, broers en susters)<br>• Familie in die Langekloof/Die bruin familie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.13.1 | • Kontras/Teenstelling<br>• Ironie<br>• Herhaling/Repetisie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.13.2 | <u>Kontras/Teenstelling</u>:<br>• Benjamin verwys na sy ou naam en nuwe naam.<br>• Benjamin is 'n wit man wat 'n bruin van het.<br><u>Ironie</u>:<br>• Benjamin is 'n wit man wat 'n bruin van het.<br>• Benjamin aanvaar sy ou naam as sy nuwe naam.<br><u>Herhaling/Repetisie</u>:<br>• Benjamin/Lukas het twee name/identiteite gehad.<br>• Benjamin beklemtoon dat hy nou seker is van sy identiteit.<br>• Benjamin is nou seker wie hy is/waar hy hoort.<br>• Benjamin is trots op die naam wat hy dra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.13.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 7.14 | • Nina het nie meer haar geld vir Elias gegee nie.<br>• Lukas wou vir Nina gaan sê hoe hy oor haar voel.<br>• Lukas wou vir haar gaan vertel wat by die Komoeties/Van Rooyens gebeur het./Lukas wou Nina gaan sien.<br>• Lukas wou Nina gaan haal om saam met hom na Wolwekraal te gaan.<br>• Lukas wou vir haar vertel dat hy nie haar broer is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.15.1 | respek vir | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.15.2 | *Mister* Benn het ...<br>• gesê dat Komoetie 'n eerbare naam is.<br>• besef dat Lukas hom nie in die steek gelaat het met die werk nie.<br>• dit waardeer dat hy teruggekom het.<br>• vir Lukas gesê dat hy die man is na wie hy in hom gesoek het. (Aanhaling word aanvaar)<br>• vir Lukas ondersteun.<br>• Lukas gerespekteer oor sy keuse oor sy identiteit en nie vrae gevra nie.<br>• Lukas 'n (sterk) man genoem.<br>• opgehou waarmee hy besig was/belanggestel in Lukas se menswees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 7.16 | Lukas het bedoel totdat Kaliel weer ...<br>• reg was om te werk.<br>• kon roei/sy plek kon inneem op die loodsboot.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.17 | B/vrede | 1 |
| | | |
| 7.18 | Die dramaturg ...<br>• gebruik woorde soos "is"/"lyk"/"klink" (wat daarop dui dat hy die mens sien en hoor).<br>• skep dialoog vir *mister* Benn wat wys dat hy die Komoetienaam as 'n eerbare naam ken/verandering/beterskap by Lukas raaksien/hoor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.19.1 | Ek dink die titel van die drama ...<br>• het iets te doen met 'n karakter wie se naam Fiela is.<br>• handel oor 'n kind/Fiela se kind.<br>• verwys na die drama as genre.<br>• gaan oor die drama in die karakters se lewens.<br>• wys dit gaan oor 'n ma-kind-verhouding.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.19.2 | Die fokus is op Benjamin as Fiela se kind, want ...<br>• Benjamin het onder vreemde omstandighede haar kind geword/was haar hanskind/nie haar eie kind nie.<br>• hy is die een wat van haar weggevat is.<br>• die Here het hom aan haar toebetrou/hy was spesiaal vir haar.<br>• hy is die enigste wit kind/Fiela se ander kinders is bruin.<br>• hy is die een wat met sy identiteit sukkel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.19.3 | • Benjamin sou terugkom/hy het besluit hy hoort by die Komoeties.<br>• Fiela het in haar doel geslaag om haar kind terug te bring huis toe.<br>• Fiela was tevrede dat Benjamin die dinge wat hom gepla het, kon uitsorteer.<br>• Fiela het al klaar vir Nina aanvaar.<br>• Die waarheid oor Lukas se identiteit het uitgekom.<br>• Benjamin noem die Komoeties "sy mense".<br>• Benjamin het vir *Mister* Benn gesê hy gaan terug na sy mense toe (Fiela toe).<br>• Fiela se gebede is verhoor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**VRAAG 8:** ***SPIEËLBEELDE***

8.1 **'KOM ONS STUUR VIR TASU' – Maretha Maartens**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 (a) | Perdeberg | 1 |
| | | |
| 8.1.1 (b) | loop | 1 |
| | | |
| 8.1.1 (c) | remme/bande | 1 |
| | | |
| 8.1.1 (d) | Evelina/haar dogter/Tasu se sussie | 1 |
| | | |
| 8.1.2 | Tasu moes sy klippies/tieroë verkoop.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.3 | Tasu se ma het gesê dat hulle ...<br>• die eiers self geëet het.<br>• eiers hulle mae volgemaak het.<br>• eiers hulle oorlewing was.<br>• dit nodig gehad het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.4 | B/hy was 'n verantwoordelike kleinseun. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.5 | Tasu ...<br>• was bang vir mense.<br>• het nie van die baie mense in die taxi gehou nie.<br>• het nie daarvan gehou dat hy nie deur die agterruit kon sien nie.<br>• het vasgekeer/benoud/gespanne gevoel.<br>• het gevoel asof hy wou versmoor.<br>• was jonger/kleiner (as die ander mense in die taxi).<br>• het net 'n drasak by hom gehad.<br>• het 'n botteltjie kruiemedisyne op sy skoot gehad. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Die ander mense in die taxi ...<br>• het aangegaan asof alles normaal is.<br>• was nie gepla dat daar baie bagasie/mense was nie.<br>• het nie omgegee om amper op mekaar te sit nie.<br>• het nie oor die spoed van die taxi omgegee nie.<br>• was ouer/groter (as Tasu).<br>• het stapels bagasie by hulle gehad.<br>• was ontspanne.<br>• het bv. 'n sak mieliemeel op haar skoot gehad. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 8.1.6 | • Die klippies lyk soos tierogies/kwaai tiere se oë teen die lig.<br>• Dit is die mooi binne-in die klippies.<br>• Die klippe het strepies.<br>• Dit verwys na hoe Tasu die klippies moes vryf/slyp vir die ogies/patroontjies om uit te staan.<br>• Die werklike strepies is diep weggesteek en jy moet baie slyp om die patroon uit te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.7 (a) | ironies | 1 |
| | | |
| 8.1.7 (b) | Tasu het …<br>• gedoen wat die pa en die ouer broer nie kon doen nie.<br>• aangebied om dit te doen.<br>• 'n volwasse besluit geneem.<br>• nie agter sy bangheid weggekruip nie.<br>• alleen met die taxi na sy ouma gery om haar kruiemedisyne te vat/dapper opgetree/nie soos 'n baba opgetree nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.1.7(a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.1.7(b) te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 8.1.8 | Ek sou ...<br>• eerder die eiers/iets verkoop het om geld te kry.<br>• geld gaan leen het.<br>• ‘n ander plan gemaak het om geld te maak/vir ander hulp gevra het.<br>• kruie/medisyne gemaak het om te verkoop.<br>• mense se huise gaan skoonmaak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.9 | Tasu het ...<br>• nie aan homself gedink nie.<br>• aan sy ma gedink wat gehuil het oor die ouma wat soveel pyn gehad het.<br>• aan sy ouma gedink wat soveel pyn gehad het/pynmedikasie nodig gehad het.<br>• geweet sy broer kan nie gaan nie, want hy het matriek geskryf.<br>• sy tieroë (wat kosbaar vir hom was), verkoop.<br>• op die taxi geklim om sy ouma te help, al was hy bang vir die taxi.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.10 (a) | C/'n Mens behoort opofferinge vir jou familie te maak. | 1 |
| | | |
| 8.1.10 (b) | E/'n Mens moet mooi na jou goed kyk. | 1 |
| | | |
| 8.1.10 (c) | A/'n Mens moet soms ekstra moeite vir iemand doen, al is dit nie deel van jou werk nie. | 1 |
| | | |
| 8.1.10 (d) | B/'n Mens moet besef dat die regte keuses jou lewe in 'n goeie rigting stuur. | 1 |

8.2 **'GELUK IN ONGELUK' – Theltom Masimila**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 (a) | • In Gavin en Karla se huis/slaapkamer.<br>• Dit is die slaapkamer/hospitaalkamer/hoësorgeenheid waar Karla in 'n koma lê.<br>• In die kamer met die geel deur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.1 (b) | Gavin | 1 |
| | | |
| 8.2.2 (a) | ('n) Vergelyking | 1 |
| | | |
| 8.2.2 (b) | • Dit was 'n reuk wat hom aan Karla herinner het.<br>• Karla het altyd aarbeisap gedrink.<br>• Die huis het na aarbeie geruik omdat sy so daarvan gehou het.<br>• Die kamer ruik lekker.<br>• Dit was soete herinneringe aan sy vrou voor die ongeluk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.2.2(a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.2.2(b) te verdien)* | 1 |
| | | |
| 8.2.3 | • Dit is die kleur waarvan Karla gehou het.<br>• Dit simboliseer sonskyn/vrolikheid/geluk/hoop.<br>• Dit is 'n warm/positiewe kleur.<br>• Dit bring lig in donker/moeilike omstandighede.<br>• Dit simboliseer gelukkiger tye/'n bekende omgewing/'n besonder gelukkige dag saam met Karla.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.4 (a) | 'n verandering in Gavin se lewe sou bring. | 1 |
| | | |
| 8.2.4 (b) | • Dit was die dag dat hy vir Karla gesê het dat hy die vorms ingevul het.<br>• Dit was die dag wat hy vir haar vertel het dat hy die toestemming gegee het dat die masjiene afgeskakel kan word/Karla gaan sterf.<br>• Hy gaan 'n nuwe lewe saam met sy geliefde/sonder Karla begin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.2.4(a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.2.4(b) te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 8.2.5 | • Die ander vrou het gehoor haar man is dood.<br>• Karla is ernstig beseer en in 'n koma.<br>• Gavin het vir Vicky vertel dat die masjiene afgeskakel gaan word.<br>• Gavin het vir Karla vertel dat hy die vorm geteken het.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| | | |
| 8.2.6 | Vicky het gesê dat haar pa net die geld vir die troue wou gebruik.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.7 | C/moeilike besluite | 1 |
| | | |
| 8.2.8 | Die skrywer ...<br>• fokus op Gavin wat aanhou verduidelik hoekom hy van die ander vrou hou.<br>• fokus op Gavin wat steeds lief is vir Karla al moet hy die masjiene afskakel.<br>• gebruik Gavin se herhaling dat die ander vrou soos Karla is.<br>• beeld Gavin se herinneringe van Karla uit.<br>• skryf hoe jammer Gavin is dat hy nie vir Karla kan wag nie.<br>• beskryf hoe Gavin worstel omdat hy nie genoeg geld het om die masjiene aan te hou nie.<br>• noem dat dit Gavin pla dat hy nie meer hoendervleis kry as hy met die brief in sy hand staan nie.<br>• beskryf hoe hy steeds met haar praat/van interessante artikels vertel al weet hy dat sy nie wakker gaan word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.9 (a) | Ek dink die kortverhaal gaan oor ...<br>• iets goed wat uit iets sleg voortgespruit het.<br>• iets sleg wat in 'n karakter se lewe gebeur het en toe kom daar iets goed.<br>• iemand wat weer geluk na hartseer vind.<br>• geluk en ongeluk.<br>• gelukkige en ongelukkige tye/insidente.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.9 (b) | Gavin het ...<br>• verlief geraak op iemand anders.<br>• 'n tweede kans op geluk/versorging gekry.<br>• 'n sielsgenoot/iemand net soos Karla gekry.<br>• 'n ma vir sy dogter gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.9 (c) | • Gavin het afskeid geneem van sy vrou.<br>• Gavin het besluit om die masjiene af te skakel.<br>• Gavin het besluit dat dit nou na vyf jaar genoeg was.<br>• Karla sou sterf./Gavin se lewe saam met Karla was verby./Gavin se lewe saam met sy nuwe vrou het begin.<br>• Gavin het letterlik die geel deur toegemaak wanneer hy by die kamer uitstap.<br>• Gavin het hierdie hoofstuk van sy lewe afgesluit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING D: GEDIGTE**

**VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL***

9.1 **'Ken jy die see ...' – Uys Krige**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 (a) | kalm/blinkgeskuur/stil/"kalm soos min dinge hier benee" | 1 |
| | | |
| 9.1.1 (b) | (bulderende) wind/(swart) wind/wind | 1 |
| | | |
| 9.1.1 (c) | • ophou raas<br>• ophou (raas)<br>• ophou (woester)/(wreder) blaas<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.1 (d) | (ou) misstappie | 1 |
| | | |
| 9.1.2 (a) | hulle situasie op see lewensgevaarlik is | 1 |
| | | |
| 9.1.2 (b) | hoe na aan die dood die vissers op die boot is | 1 |
| | | |
| 9.1.3 | In <u>strofe 7</u> lees ons dat ...<br>• die vissers in hulle huise moet bly wanneer die storms te erg is om uit te gaan see toe/te gaan visvang.<br>• hulle nie kan geldmaak/'n inkomste verdien nie.<br>• daar nie hout is vir die visserman se vuur nie.<br>• hulle koud kry.<br>• hulle veilig is daar.<br>• "Jy sit pal in jou kliphuis, klam en guur."/"En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur." ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 2 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | In <u>strofe 9</u> lees ons ...<br>• hoe gevaarlik die see kan wees/van al die gevare wat die vissers op see moet trotseer.<br>• dat die visserman kan verdrink/deur 'n golf van die boot af geslaan kan word.<br>• "Was jy al van jou bootjie soos 'n veer gevee" ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | |
| | | |
| 9.1.4 (a) | C/alliterasie | 1 |
| | | |
| 9.1.4 (b) | E/vergelyking<br>A/personifikasie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.4 (c) | A/personifikasie | 1 |
| | | |
| 9.1.4 (d) | D/eufemisme | 1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 9.1.5 | B/verwytend. | 1 |
| | | |
| 9.1.6 | In reëls 1 tot 35 vertel/verduidelik/wys die spreker vir ons hoe gevaarlik die see of 'n storm kan wees/dat die see jou dood kan veroorsaak. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>In reëls 36 tot 39 sê die spreker vir ons dat hulle kan sterf as die see so gevaarlik is/praat die spreker van mev. Matthee se seuns wat op die see gesterf het./"Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur". ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 9.1.7 | • Die spreker praat eintlik met homself./Die spreker praat nie regtig met iemand anders nie./Dit is 'n monoloog.<br>• Daar is niemand om die spreker se vrae te beantwoord nie.<br>• Die spreker verwag nie regtig antwoorde op sy vrae nie.<br>• Daar is nie regtig antwoorde op die spreker se vrae nie./Die vrae is eintlik net bedoel om ander te laat nadink./Dit betrek die leser.<br>• Die spreker ken alreeds die antwoord, maar deur die vrae beklemtoon hy die gevaar van die see.<br>• Dit beklemtoon die feit dat Meneer nie die see ken nie/die see onderskat/nie die gevare van die see ken nie.<br>• Die retoriese vrae beklemtoon die spreker se negatiewe houding/sy frustrasie teenoor die koper/dat die koper nie weet hoe gevaarlik/onvoorspelbaar die see kan wees nie.<br>• Die retoriese vrae wil die koper skuldig laat voel omdat hy oor die prys van die vis kla.<br>• Dit skep spanning.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.8 | Reël 5: Met die woord "nog" wil die digter ...<br>• die leser/koper daarop wys dat hy/sy maklik kla, maar nie besef hoe gevaarlik dit is om vis te vang nie.<br>• die koper daarop wys dat hy/sy aanhou om die prys van die vis te bevraagteken.<br>• beklemtoon dat die koper nie die boodskap kry nie.<br>• uitwys hoe onredelik die mense is wat oor die prys kla.<br>• daarop fokus dat vissers sterf, maar mense soek goedkoop vis. ✓<br>*(Waar die klem op "nog" val, bedoel die spreker dat die koper "steeds" oor die prys kla, nadat die koper al die verduidelikings gehoor het.)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Reël 10: Met die woord "jy" wil die digter ...<br>• die leser/koper daarop wys dat hy/sy nie weet hoe gevaarlik die see is nie, maar maklik kla.<br>• hê die Meneer moet die boodskap kry. | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | • beklemtoon dat die koper dink hy (die koper) weet beter.<br>• direk praat met diegene wat kla (omdat hulle onbewus is van die omstandighede).<br>• fokus op die persoon wat nie kennis van die see het nie. ✓<br>*(Waar die klem op "jy" val, fokus die spreker op die leser/viskoper wat nie verstaan waardeur die visserman moet gaan om die vis te kry nie.)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br>Die "jy" verstaan nie hoekom die vis duur is nie en die "nog" beklemtoon dat die vissers ontsteld is dat die "jy" nie verstaan waarom die vis duur is nie. ✓✓<br>*(Of soortgelyk)* | |

9.2 **'Sproeireën' – DJ Opperman**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • sy nooi/meisie/geliefde<br>• sy ouma | 2 |
| | | |
| 9.2.2 | kwatryn | 1 |
| | | |
| 9.2.3 | reuk(sintuig)/ruik | 1 |
| | | |
| 9.2.4 (a) | • kaneel<br>• anys<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.4 (b) | • Baie van die geure hou verband met kos.<br>• Die spreker hou van kos.<br>• Kos speel 'n belangrike rol in die spreker se lewe.<br>• Verskillende geure laat die spreker aan verskillende/sekere vroue/vroue wat lekker ruik/mense vir wie hy omgee, dink/ skep herinneringe.<br>• Die spreker het groot waardering vir die vroue.<br>• Elke vrou word deur haar unieke geur onderskei.<br>• Die spreker is ingestel op reuke/die reuksintuig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5 (a) | • "ek"<br>• "my"<br>*(Enige EEN. Penaliseer nie as dit nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5 (b) | konnotatiewe | 1 |
| | | |
| 9.2.6 (a) | 'n nartjie/nartjies/sitrusvrug | 1 |
| | | |
| 9.2.6 (b) | • Jy/Hy buig of knak 'n nartjieskil tussen jou/sy vingers.<br>• Fyn druppels sap spat uit die nartjieskil as jy dit ombuig.<br>• Dit kom van die nartjieskil af.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 9.2.6 (c) | • Hy onthou die jare in die omgewing van die Swartfoloos/ die boorde van die Swartfoloos./"Die boorde weer van Swartfoloos"<br>• Dit laat hom dink aan hoe 'n vrou kan troos./"weet ek hoe dat 'n vrou kan troos"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 9.2.7 | inversie | 1 |
| | | |
| 9.2.8 | • Dit beklemtoon die refrein./Dit is die refrein.<br>• Dit hef/lig die refrein uit.<br>• Dit vestig die leser se aandag op die refrein.<br>• Dit bevestig die spreker se persoonlike opinie/sy obsessie met reuke.<br>• Om te beklemtoon dat sy ouma/meisie spesiale mense in sy lewe is.<br>• Dit beklemtoon die kernboodskap van die gedig.<br>• Die inkeping beklemtoon die liriese aard van die gedig/dat dit 'n liriese gedig is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.9 | C/universele | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.10 | Reël 14: Met die ellips tussen "iemand" en "iemand" beklemtoon die spreker dat daar altyd iemand/'n vrou in sy lewe was (wat 'n positiewe rol gespeel het)/die spreker **sukkel** om te onthou (wie met anys geassosieer word). ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Reël 15: Met die uitroepteken (aan die einde van die reël) wys die spreker sy blydskap/tevredenheid teenoor vroue./Dui op die spreker se bewondering/verwondering vir vroue/ekstase oor vroue./Dit beklemtoon dat vroue uniek is. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |